

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING)**

**“RAPPORTEERBAAR”
SAAKNOMMER: SS291/2005**

In die saak tussen:

DIE STAAT

En

**ANDREW SNYDERS
GARTH EATON
ADRIAN ADAMS
PERCIVILLE LINNERT
TESHWILL VAN WYK
AUBREY BRUINTJIES
PETER SOLOMONS
CHRISTIAAN CHARLES JONKERS**

**BESKULDIGDE 1
BESKULDIGDE 2
BESKULDIGDE 3
BESKULDIGDE 4
BESKULDIGDE 5
BESKULDIGDE 6
BESKULDIGDE 7
BESKULDIGDE 8**

UITSPRAAK GELEWER OP 2 MEI 2006

DLODLO, R

1) Die beskuldigdes staan tereg op 'n aanklag van moord.

Die Staat beweer dat al agt (8) beskuldigdes die aand van 12 Junie 2004 saam gekuier het. Op 'n stadium was hulle oppad na 'n 'pub' in Vredenburg toe hulle die oorledene raakloop. Die Staat het verder beweer dat die oorledene op 'n vorige geleentheid met sommige van die beskuldigdes gebots het en dat die beskuldigdes toe daar en dan die oorledene aangeval het deur hom te skop, slaan en met skerp voorwerpe te steek. Die oorledene is kort na die voorval oorlede as gevolg van bloedverlies. Al agt (8) beskuldigdes het onskuldig gepleit en aangedui dat hulle verkies om geen verklarings te maak nie. Slegs beskuldigde sewe (7) het op daardie stadium erkennings in terme van Artikel 220 van die Strafproseswet gemaak. Die erkennings is vervat in **Bewysstuk “A”**.

- 2) Die Staat het getuienis aangebied. Daar was 'n binneverhoor aangaande die borgverrigtinge en 'n gesamentlike binneverhoor omtrent die toelaatbaarheid van sekere verklarings asook uitwysings wat beweerlik deur beskuldigdes 1 en 5 onderskeidelik gemaak is. Die borgeansoek verrigtinge, **Bewysstuk "D"** is voorlopig toegelaat. Die verklarings deur beskuldigdes 1 en 5 onderskeidelik bestempel as **Bewysstukke "E" en "G"** is as ontoelaatbaar verklaar. **Bewysstuk "F"** bevattende die beweerde uitwysings wat aan Kaptein Fryer gemaak is, is egter toegelaat. Na verdere getuienis deur die Staat is die Staatsaak gesluit. Al agt (8) beskuldigdes het 'n aansoek om ontslag ingevolge die bepalings van Artikel 174 van die Strafproseswet 51 van 1977 geloods. Ons is van oordeel dat dit nodig is om op hierdie stadium 'n beknopte opsomming van die getuienis wat in hierdie saak gelewer is, uiteen te sit. Sodoende sal dit ons in 'n beter posisie plaas om die nodige oorwegings en bepalings te maak met die doel om die vereiste toetse aan te pas. Hier volg die opsomming van die gelewerde getuienis in die onderhawige saak.

DIE STAAT SE GETUIENIS

- (3) **INSPEKTEUR LIONEL DEMAS** het getuig dat hy in diens van die Suid-Afrikaanse Polisie te Vredenburg is. Die nag van 12 Junie 2004 was hy aan diens en besig met patrollie toe hy net voor 12uur 'n klagte ontvang van 'n persoon wat op 'n stoep in Primrose Straat II. Die getuie verduidelik dat dit 'n koue, reënerige nag was. Op die toneel het hy die verskrikte huisbewoners en die bebloede manspersoon op die stoep aangetref. Die getuie het die beseerde persoon herken as Cheslin Florentino, alias Chess. Die beseerde persoon het nog geleef maar was nie instaat om te praat nie. 'n Ambulans was gekontak en die getuie het op die toneel gebly tot die

ambulans die beseerde man kom haal het. Later die aand was Sersant de Kock asook Inspekteur Cowan ook op die toneel. Tydens kruisverhoor verduidelik die getuie dat die toneel donker was. Daar was slegs 'n straatlig wat in die omgewing gebrand het. Hy verduidelik ook dat hy nie die toneel afgebaken het nie, want die toneel was binne die erf. Die getuie dui verder aan dat die oorledene voor sy dood 'n persoon was wat gebots het met die gereg – dit was dan ook die rede hoekom die oorledene aan die getuie bekend was. Hy dui verder aan dat geen noodhulp aan die oorledene verleen was voordat die ambulans daar opgedaag het nie. Laastens noem hy dan ook tydens kruisverhoor dat die mes wat Sersant de Kock op die toneel gevind het, in die straat opgetel was.

- (4) **ASHWELL RODERICK JACOBS** getuig dat hy 21 jaar oud is en woon en werk in Vredenburg. Tydens 2004 het hy gewerk as 'n “galley boy” op die see. Op 12 Junie 2004 het hy van die see af teruggekeer en het sy vriende, beskuldigdes 1 tot 8 voor die Hof, gaan opsoek, waar hulle gesit en drink het. Hy verduidelik dat hy en die beskuldigdes op 'n stadium die aand besluit het om na die “Sportsmans Pub” in die dorp te gaan. Hulle het met Suikerbossie Straat langs gestap en toe hulle in Primrose Singel kom, sien die getuie “daar kom 'n man van bo af. Hy't kom aanstap.” Volgens die getuie het hyself vooruit geloop, verby die man. Toe hy op die hoek kom, het hy omgekyk en gesien dat die beskuldigdes 'n kring om die man maak. Hy was egter 'n groot afstand van hulle af en het toe alleen verder gestap na die “pub”. Vyftien minute nadat die getuie by die “pub” aangekom het, het die beskuldigdes ook daar opgedaag. Op 15 Junie 2004 was die getuie saam met Teshwill van Wyk (beskuldigde 5) gearresteer by 'n winkel in Vredenburg. Tydens kruisverhoor deur die beskuldigdes se advokate het die getuie telkemaal toegegee dat dit donker

was waar die kring gevorm was en dat hy nie sal kan stry as die beskuldigdes sou aanvoer dat hul nie deel van die kring was nie. Die getuie ontken dan ook dat hy op enige stadium aan die ondersoekbeampte laat blyk het dat hy 'n aanranding op die oorledene deur die beskuldigdes waargeneem het.

- (5) **DOKTER PIETER BASSON** getuig dat hy beskik oor die kwalifikasies MBSce. Met sy aftrede as algemene praktisyn het hy sedert 1989 in die Weskus gebied patologiese dienste verrig. Hy het dan ook op 17 Junie 2004 die post mortem op die liggaam van die oorledene uitgevoer, waarna hy 'n verslag saamgestel het. Die verslag asook 'n uiteensetting van beserings is onderskeidelik vervat in **Bewysstukke "B" en "B1"** wat deur die Staat ingehandig is as bewysstukke. Die getuie bevestig sy bevinding, naamlik dat die oorledene gesterf het as gevolg van bloedverlies vanweë die kop en nekwonde. Hy meld dat daar wel ander kleiner skrapies en wonde gevind was, maar dat dit nie bygedra het tot die dood nie. Die Staat het voorts foto's van die verskillende beserings as **Bewysstuk "C"** ingehandig. Die getuie het bevestig dat dit die beserings toon soos deur homself waargeneem tydens die post mortem. Hy meld dan ook ten opsigte van foto 13 van **Bewysstuk "C"** dat dit die 13cm lange snywond toon. Volgens die getuie was die wond sirkelvormig en moes sekerlik bygedra het tot baie bloedverlies. Verder dui hy aan op foto 13 die snywond aan die nek en verduidelik dat *"...taamlike krag moes gebruik gewees het. Die voorwerp wat gebruik was is gestut deur die nekwerwels."* Die getuie het die wonde aan die rug van die oorledene as oppervlakkig en van geen belang beskryf. Volgens Dr. Basson sou enige skerp voorwerp met 'n skerp lem die beserings veroorsaak het.

TOELAATBAARHEID VAN BORGAANSOEK OORKONDE (EERSTE BINNEVERHOOR T.O.V. BESKULDIGDES EEN (1), VYF (5) EN

AGT (8)

- (6) Op 28 Februarie 2006 doen die Staat aansoek in terme van Artikel 60(11B) van die Strafproseswet om die Rekord van die borgverrigtinge ten opsigte van beskuldigdes 1, 5 en 8 in te handig. Die advokate namens beskuldigdes 1, 5 en 8 het beswaar gemaak teen sodanige inhandiging. 'n Verhoor binne verhoor is gelas ten opsigte van die toelaatbaarheid al dan nie van die borgverrigtinge. Ek het die binneverhore en die beslissing van die vroeë rakende die toelaatbaarheid van sekere "beoogde bewysmateriale" saam met Mevrouw Olivier, wie my huidiglik bystaan in terme van Artikel 145(4) (b) van Wet 51 van 1977 soos gewysig, gehanteer.

GETUIENIS IN DIE EERSTE BINNEVERHOOR

- (7) **ANDREW SNYDERS** (hierna verwys as beskuldigde 1) het getuig dat hy tydens die borgaansoek 18 jaar oud was en bygestaan was deur 'n Prokureur. Hy het in sy getuienis in hoof aangevoer dat hy nie ingelig was van sy swygereg nie en ook nie gewaarsku was dat inkrimenerende getuienis wat hy by die borgverrigtinge mag aflê, later teen hom gebruik kan word nie. Die waarskuwing deur die Landdros aan beskuldigdes 1, 5 en 8 is deur Mnr. Mohamed uitgelees. Beskuldigde 1 het egter getuig dat hy die waarskuwing nie verstaan het nie. Tydens kruisverhoor deur die Staat gee beskuldigde 1 toe dat hy bygestaan was deur 'n prokureur met wie hy gekonsulteer het. Volgens beskuldigde 1 was die prokureur se instruksie aan hom *"as hulle my vra wat gebeur het, moet ek niks sê nie."* Beskuldigde 1 was tevrede met sy prokureur en het geen klagte gehad nie. Beskuldigde 1 het egter volstaan met sy bewering dat hy die landdros se waarskuwing nie verstaan het nie, hoewel hy tog instaat was om aan hierdie hof te vertel dat die landdros gesê het: *"die dinge wat ons sê word opgeneem en kan later weer*

gebruik raak.”“...weggesit en later uitgehaal en gebruik raak.”

Beskuldigde 1 voer aan dat hy nie geweet het dit gaan hier in die Hooggeregshof gebruik word nie.

- (8) **TESHWILL VAN WYK** (hierna verwys as beskuldigde 5) het getuig dat hy tydens arrestasie op 15 Junie 2004, 18 jaar oud was. Hy voer aan dat Sersant De Kock en Inspekteur Kuilders hom by arrestasie aangesê het om 'n verklaring te maak en dat sy regte nie aan hom verduidelik was nie. Beskuldigde 5 het verder getuig dat hoewel hy 'n regsverteenvoerder gehad het tydens die borgaanzoek, hy slegs 10 minute met sy prokureur gepraat het wie nooit enige regte aan hom verduidelik het nie. Die landdros se waarskuwing tydens die borgverrigtinge is deur Mej. Andrews aan beskuldigde 5 voorgelees, maar hy het beweer dat hy sodanige waarskuwing nie kan onthou nie en voer hy verder aan: *“Ek verstaan dit nou maar nie destyds nie – dit was my eerste keer in die hof.”* Tydens kruisverhoor deur die Staat blyk dit dat beskuldigde 5 gedurende die borgverrigtinge geweier het om sekere inkriminerende vrae deur die Staat te antwoord. Die rede wat beskuldigde 5 in hierdie hof aanvoer vir sy weiering om te antwoord op sodanige vrae was:

“Ek het gedink dis die borgaanzoek – Ek hoef nie die vraag te antwoord nie.” 'n Verdere rede vir sy weiering om te antwoord was: *“Ek wou nie vrae ten opsigte van die voorval self antwoord nie. Hoekom weet ek nie.”*

- (9) **CHRISTIAAN JONKERS** (hierna verwys as beskuldigde 8) het getuig dat hy wel die waarskuwing van die landdros gehoor het maar beweer dat hy die implikasies daarvan nie verstaan het nie. Hy het getuig verder dat hy slegs 10 minute met sy Prokureur gekonsulteer het en dat dié hom nooit ingelig het van sy regte nie. Aangesien Sersant de Kock na bewering aan

beskuldigde 8 gesí het dat hy borg sal kry indien hy sy verdediging voor die hof plaas, het hy tydens kruisverhoor deur die staat gedurende die borgaansoek sy verdediging geopenbaar. Hy bekla egter die feit dat sy prokureur tydens sodanige openbaring deur homself nooit opgestaan het om beswaar te maak nie. Beskuldigde 8 was nie instaat om enige rede aan te voer vir sy weiering gedurende die borgaansoek om sekere vrae te antwoord nie. Tydens kruisverhoor deur die Staat sí beskuldigde 8 dat die weergawe wat hy aan Sersant de Kock tydens arrestasie gedurende Junie 2004 gegee het en weer aan die hof tydens die borgaansoek, gedurende Julie 2004 herhaal het, vals was. Hy het die weergawe bloot verskaf omdat hy borg wou hí. Dit blyk verder dat beskuldigde 8 nooit sy prokureur ingelig het van sy voorneme om sy weergawe voor die hof te plaas nie. Hy kan geen rede vir die versuim verskaf nie. Voorts getuig beskuldigde 8 dat hy wel geluister het toe die landdros hom gewaarsku het maar “*nie met volle sin nie*”. Geen rede kan vir die versuim verskaf word nie. Bogemelde getuienis deur beskuldigde 8 staan in skrilte kontras met sy aanvanklike bewering dat hy die waarskuwing deur die landdros gehoor het maar die implikasies daarvan nie verstaan het nie.

- (10) Die Staat het **MARINDA DE KOCK** slegs ten opsigte van beskuldigde 8 geroep. Dié getuie is ‘n Sersant in die Suid-Afrikaanse Polisie, gestationeer te Vredenburg en die ondersoekbeampte in die onderhawige saak. Sy getuig dat sy beskuldigde 8 gedurende arrestasie behoorlik gewaarsku het van sy regte. Sy ontken dat sy ooit enige moontlikheid van borg met beskuldigde 8 bespreek het of dat sy enige beloftes aan hom gemaak het. Sy getuig ook dat sy sedert beskuldigde 8 se arrestasie tot die datum van die borgaansoek, nooit met hom gepraat het nie.

Die Hof het na betoë gelas dat die borgverrigtinge voorlopig as getuienis toegelaat word.

TOELAATBAARHEID VAN VERKLARINGS DEUR BESKULDIGDES EEN (1) EN VYF (5) ONDERSKEIDELIK AAN VREDEREGTERS AFGELÊ ASOOK BESKULDIGDE EEN (1) SE UITWYSING AAN VREDEREGTER (TWEDE EN GESAMENTLIKE BINNEVERHOOR)

(11) Die Staatsaanklaer het aangedui dat sy t.o.v. beskuldigde een (1) twee verklarings voor vrederegters wil inhandig. Die eerste verklaring bevat na bewering sekere mededelings wat neerkom op erkennings deur beskuldigde 1. Die tweede verklaring bevat uitwysings en mededelings deur beskuldigde 1 aan 'n vrederegter. Verder het die Staat versoek dat 'n verklaring van beskuldigde 5, gemaak voor 'n vrederegter en wat 'n bekentenis blyk te wees, ingehandig word. Mnr. Mohamed, namens beskuldigde 1 sowel as Mej. Andrews namens beskuldigde 5, het beswaar aangeteken teen sodanige inhandiging. Beskuldigde 1 se beswaar teen die verklaring aan die vrederegter was in kort as volg:

- i) Beskuldigde 1 was onbehoorlik beïnvloed deur o.a. die ondersoekbeampte om die verklaring te maak;
- ii) Beskuldigde 1 was nooit m.b.t. sy Konstitusionele regte geadviseer deur die vrederegter nie.

In die alternatief het Mnr. Mohamed aangevoer dat beskuldigde 1 “gestoomroller” was om die verklaring te maak deurdat hy onmiddellik na arrestasie ondervra was. Ten opsigte van die uitwysings en mededelings gemaak deur beskuldigde 1 aan die vrederegter voer Mnr. Mohamed aan dat beskuldigde 1 reeds tydens die voor-verhoorproses gebring was in 'n “confessing state of mind” deur die gedrag van die ondersoekbeampte en dat die uitwysings dus op 'n onbehoorlike wyse verkry is.

(12) Mej. Andrews, namens beskuldigde 5 het aangevoer dat

beskuldigde 5 se ouers afwesig was tydens die aflí van sy verklaring en dat die senioriteit van die polisiebeampte wie opgetree het as vrederegter, beskuldigde 5 sodanig geÏntimideer het dat hy hom genoop gevoel het om 'n verklaring af te lí. Voorts beweer Mej. Andrews dat beskuldigde 5 nooit 'n verklaring wou maak nie, dat hy gedeeltes van die inhoud van die verklaring ontken en dat die verklaring nooit aan beskuldigde 5 voorgelees was voordat hy versoek was om dit te onderteken nie.

- (13) 'n Binneverhoor is gelas ten opsigte van die toelaatbaarheid, al dan nie van die verklaring deur beskuldigde 1 aan 'n vrederegter asook die verklaring waarin beskuldigde 1 se uitwysings en mededelings aan 'n vrederegter, vervat is, asook die verklaring van beskuldigde 5 aan 'n vrederegter.

GETUIENIS IN DIE TWEDE BINNEVERHOOR

- (14) Die Staat het voortgegaan en getuies geroep in die binneverhoor. **SERSANT MARINDA DE KOCK**, is 'n sersant in die SA Polisie, gestationeer te Vredenburg en die ondersoekbeampte in die onderhawige saak, het as volg getuig:

Op Dinsdag 15 Junie 2004 het beskuldigde 1 vergesel van sy oom, Mnr. Van Heerden, by die getuie se kantoor opgedaag. Beskuldigde 1 het sekere mededelings aan die getuie gemaak, waarop sy hom gearresteer het vir die onderhawige saak en dan ook ingelig het van sy regte. Volgens die getuie het beskuldigde 1 aangedui dat hy d.m.v. 'n verklaring wil verduidelik wat gebeur het. Sersant De Kock het toe vir Kaptein Mong (op daardie stadium die speurhoof te Vredenburg) geskakel en versoek om die nodige reëlins te tref. Beskuldigde 1 was so ± 'n uur tot 'n uur en ½ in haar kantoor. Hoewel Mnr. Van Heerden aanvanklik teenwoordig

was, het die getuie hom na ongeveer veertig minute verskoon. Volgens Sersant De Kock het Kaptein Mong beskuldigde 1 by haar kantoor kom haal en hom na Kaptein De Bruyn geneem. Sy getuig dat Kaptein De Bruyn destyds by 'n spesiale taakspan betrokke was en nie in die Vredenburg kantoor was toe beskuldigde 1 daar opgedaag het nie. Verder getuig die getuie dat dit op versoek van beskuldigde 1 was dat daar op 17 Junie 2004 'n toneel-uitwysing ook deur Kaptein Mong gereël was.

- (15) Ten opsigte van beskuldigde 5 verduidelik Sersant De Kock dat sy hom gedurende die middag van 15 Junie 2004 voor 'n winkel in sesde straat Vredenburg gearresteer het waar sy dan ook hom van sy regte ingelig het. Sy getuig dat terwyl beskuldigde 5 by hulle kantoor gesit het, hy sekere mededelings aan haar gemaak het en so aangedui het dat hy 'n verklaring wil maak. Kaptein Mong het weer eens die nodige reëlins getref. Tydens kruisverhoor deur beskuldigde 1 se advokaat, getuig Sersant De Kock dat Kaptein De Bruyn, die vrederegter wie die beskuldigde se verklaring afgeneem het, tydens die gebeure by dieselfde speurtak werkzaam was. Die getuie getuig dan ook dat daar na Hopefield geskakel was op soek na 'n Landdros, sonder sukses. Die getuie was onwillig om toe te gee dat dit beter sou wees om beskuldigde 1 na 'n Landdros te neem vir die bekentenis.
- (16) Dit was dan ook gestel aan die getuie dat beskuldigde 1 tydens arrestasie nog jonk was, dat sy oom of ouers nie teenwoordig was tydens ondervraging nie, dat hy vanaf 9uur tot 11uur ondervra was en dat hy onbehoorlik beïnvloed was om 'n verklaring af te lê deurdat die getuie aan beskuldigde 1 sou gesê het dat dit strafversagting vir hom sal wees asook dat sy reeds oor verklarings beskik wat beskuldigde 1

inkrimineer. Sersant De Kock het getuig dat beskuldigde 1 op die stadium van arrestasie reeds 18 jaar oud was, dat sy oom ten minste 30 minute in haar kantoor vertoef het voor sy hom verskoon het, dat sy beskuldigde 1 in 'n verstaanbare taal gewaarsku het van sy regte. Die getuie ontken dat sy ooit enige beloftes aan beskuldigde 1 gemaak het met betrekking tot strafversagting. Sersant De Kock ontken ook ten sterkste dat sy aan beskuldigde 1 voorgehou het dat sy reeds oor verklarings beskik het wat beskuldigde 1 inkrimineer. Sy getuig dat *"...op daai stadium het ek nog geen verklarings gehad nie."* Tydens kruisverhoor deur Mej. Andrews namens beskuldigde 5 was dit aan die getuie gestel dat geen regte aan hom voorgelees was nie, dat by aankoms by die polisiestasie daar aan hom gesê is dat die ander beskuldigdes reeds verklarings gemaak het, en het Inspekteur Kuilders en Sersant De Kock hom oortuig om 'n verklaring te maak. Dit was dan ook verder gestel dat beskuldigde 5 so te sê onmiddellik na Superintendent Rooi geneem was en het hy geen tyd gehad om die implikasies te besef nie. Eers na die aflê van die verklaring het Sersant De Kock na bewering die kennisgewing van regte aan beskuldigde 5 oorhandig.

- (17) Ten opsigte van bogemelde stellings het die getuie volgehou dat beskuldigde 5 behoorlik gewaarsku was van sy regte ten alle tye en dat hy sy kennisgewing van regte ontvang het voordat hy na Superintendent Rooi geneem was. Sy ontken ook die aantyging dat sy beskuldigde 5 oorgehaal het om 'n verklaring te maak en vertel dat toe die beskuldigde 5 by die polisiestasie op die bankie sit, het hy sekere mededelings aan haar gemaak, welke mededelings haar tot die gevolgtrekking laat kom het dat die beskuldigde 'n verklaring wou aflê. Sersant De Kock het gevolglik weereens vir Kaptein Mong genader om die nodige reëlins te tref.

- (18) Die Staat het Kaptein De Bruyn aan wie beskuldigde 1 sy verklaring gemaak het, geroep en ook versoek dat die pro-forma gedeelte van die verklaring ingehandig word as **Bewysstuk "G"**.

ALETTA ELIZABETH DE BRUYN het getuig dat sy 'n Kaptein is in die Suid-Afrikaanse Polisiediens, gestationeer by die speurtak te Vredenburg en 'n kollega is van die ondersoekbeampte in hierdie saak, nl. Sersant De Kock. Op 15 Junie 2004 was die getuie belas met 'n ondersoek as lid van 'n spesiale taakspan ten opsigte van taxi-geweld te Saldanha, Vredenburg en St. Helena Baai. Haar bevelvoerder, Kaptein Mong het haar geskakel en versoek om na die kantoor te Vredenburg te kom ten einde 'n verklaring af te neem. Met haar aankoms by die Vredenburg kantoor het die getuie vir beskuldigde 1 in 'n kantoor aangetref. Sy het haarself aan hom voorgestel en gevra wat hy wil doen. Beskuldigde 1 het volgens die getuie te kenne gegee dat hy 'n bekentenis wou aflí. Kaptein De Bruyn het beskuldigde 1 vervolgens ingelig van sy regte en die pro-forma gedeelte van **Bewysstuk "G"** met hom deurgegaan en ingevul. Sy getuig *"...beskuldigde het gesê hy verstaan en hy wil voortgaan."*

- (19) Nadat die getuie beskuldigde 1 se verklaring geneem het, het sy **Bewysstuk "G"** met hom deurgegaan en ook aan die beskuldigde gegee, aangesien hy gesí het dat hy kan lees. Tydens kruisverhoor deur Mnr. Mohamed namens beskuldigde 1 het die getuie toegegee dat daar in hierdie geval afgewyk is van normale praktyk om bekentenisse deur 'n Landdros te laat afneem, want getuig die getuie *"...Mong het gesê hy het alle pogings aangewend om Landdroste te kry, maar was onsuksesvol gewees."*

(20) Dit was verder aan die getuie gestel dat beskuldigde 1 onbehoorlik beïnvloed was deur die ondersoekbeampte deurdat beskuldigde 1 op 15 Junie 2004 -

- i) vanaf 9 uur tot 11 uur deur die ondersoekbeampte ondervra was;
- ii) sonder dat hy van sy regte verwittig was en
- iii) dat sodanige ondervraging van die jeugdige beskuldigde geskied het in die afwesigheid van 'n ouer of voog.

Verder is ook aan die getuie gestel dat die ondersoekbeampte die beskuldigde uitgelok het om 'n verklaring te maak deur aan hom voor te hou dat:

- i) sy beskik oor verklarings wat hom impliseer, en
- ii) indien hy sy betrokkenheid by die misdryf sou erken, dit sal kan dien ter strafversagting.

Verder was gestel dat die beskuldigde direk na sy ondervraging met die ondersoekbeampte geneem was om 'n verklaring voor die getuie af te neem, welke proses vanaf 11h15 tot 12h45 geduur het en was die beskuldigde na bewering gestoomroller. Die getuie het aangedui dat sy nie kommentaar kan lewer oor gebeure voordat sy beskuldigde 1 ontmoet het nie, maar getuig dat die tyd van aanvang van die afneem van die verklaring deur haarself blyk uit **Bewysstuk "G"**, naamlik 13h30. Die getuie getuig ook dat sy die verrigtinge sou gestop het indien sy uitgevind het dat beskuldigde 1 onbehoorlik beïnvloed was, maar *"...hy't aangedui hy is nie beïnvloed nie."*

(21) Met betrekking tot die beskuldigde se regte getuig Kaptein De Bruyn dat voor sy met die pro-forma begin het, sy beskuldigde se regte aan hom verduidelik het. Daarna het sy die pro-forma gevolg en hom weer gewaarsku van sy regte. Sy gee toe dat sy nie 'n verduideliking verskaf het van wat die doel van 'n regsverteenwoordiger is nie, maar hom bloot ingelig het van

sy reg tot 'n regsverteenwoordiger, maar *"...beskuldigde het aangedui dat hy stel nie in 'n prokureur belang nie, hy wil voortgaan."* Sy getuig verder dat beskuldigde 1 agtien (18) jaar oud was, dat hy normaal gereageer het op alle vrae en dat sy voor elke proses gestop het en gevra het of hy wil voortgaan. Sy het nie gevoel dat dit nodig was om sy ouers daar te hÍ nie. Sy getuig dan ook dat beskuldigde sou gesÍ het dat die verklaring as strafversagting moet dien. Mnr. Mohamed het dit aan die getuie gestel dat die antwoorde op vrae 10(i) en 10(ii) naamlik *"dien as strafversagtend dit is al"*, aanduidend daarvan is dat die beskuldigde onbehoorlik beÔnvloed was. Kaptein De Bruyn het egter getuig dat sy dit nie nodig geag het om verder in te gaan omtrent die voordeel wat beskuldigde 1 verwag het nie. Sy getuig: *"...As beskuldigde uitgebrei het van sy kant, sou ek die verrigtinge gestaak het."* Dit was ook aan die getuie gestel dat beskuldigde 1 beweer dat **Bewysstuk "G"** nie na die tyd met hom deurgegaan is nie en dat hy bloot moes teken waar Kaptein De Bruin merkies met 'n potlood aangebring het. Die getuie het weer haar getuienis herhaal, naamlik dat sy met voltooiing van die dokument, dit aan beskuldigde 1 voorgelees het en dit dan aan hom oorhandig het vir insae.

- (22) Die Staat het **KAPTEIN SYDNEY FRYER** geroep t.o.v. die beweerde uitwysings wat beskuldigde 1 aan die Kaptein gedoen het. Sydney Freyer het getuig dat hy 'n Kaptein is in die SA Polisie diens, gestationeer te Saldanha waar hy die bevelvoerder is van die Speurtak. Bogemelde was dan ook die posisie op 17 Junie 2004 toe die getuie deur Kaptein Mong versoek was om behulpsaam te wees met 'n uitwysing. Die getuie het bladsye 1,2,3,5 en 6 van **Bewysstuk "F"** geÔdentifiseer as deel van die pro-forma wat hy gedurende die uitwysings voltooi het. Die Staat het dan ook bogemelde

bladsye van die pro-forma ingehandig as **Bewysstuk "F"**. Kaptein Fryer verduidelik dat hy tydens die uitwysing presies dieselfde pro-forma gebruik het en bloot later dit netjies oorgeskryf het, op 'n soortgelyke pro-forma. Hy verduidelik dat hy bladsye 1-3 van die dokument voltooi het saam met die beskuldigde. *"Ek het sy antwoorde daarop gekry en neergeskryf."* Die getuie het verder die vrae en beskuldigde 1 se antwoorde daarop uitgelees:

i) *"Het u al vantevore uitwysings of aanwysings gedoen? Nee Meneer"*

ii) *"Is u aangerand, gedreig of onbehoorlik beïnvloed? Nee"*

iii) *"Het u enige beserings? Nee"*

Volgens die getuie was hy ongeveer 30 minute besig met die uitwysing.

- (23) Tydens kruisverhoor deur Mnr. Mohamed namens beskuldigde 1, verduidelik Kaptein Fryer dat hy baie by Vredenburg Polisiestasie gekom het in verband met werk en gevolglik die beamptes daar ken, maar dat hy nog nooit saam met Kaptein Mong of Sersant de Kock gewerk het nie. Die getuie getuig: *"Ek ondersoek nie sake nie. Ek 'run' die kantoor"* – verwysende na die Saldanha kantoor. Mnr. Mohamed het by meer as een geleentheid dit aan die getuie gestel dat beskuldigde 1 sal ontken dat hy deur die getuie van sy regte ingelig was. Op bogemelde het die getuie toegegee dat hy nie die detail kan onthou van waar presies die beskuldigde ingelig was van sy regte nie, maar dat hy beskuldigde 1 wel deeglik van sy regte ingelig het en dat die beskuldigde dit verstaan het. Hy getuig: *"Ek het dit gelees soos dit hier staan, (verwysende na **Bewysstuk "F"**) en hom gevra of hy verstaan. Ek maak seker dat die persoon weet wat ek vir hom sê."* *"Dit is sinneloos om die ding vinnig deur te lees en te vra verstaan u?"*

- (24) Die getuie het toegegee dat hy nie aan beskuldigde 1 verduidelik het hoe om prakties te werk te gaan ten einde regsverteenvoording te kry nie, of wat die verskil is tussen 'n erkenning en 'n bekentenis nie, maar het volgehou dat die beskuldigde behoorlik ingelig was van sy regte. *"Hy was ingelig, maar ook verduidelik."* Hy getuig ook: *"Ek verduidelik en behandel die sin. Ek lees dit nie presies soos dit hier staan nie."* Op vrae van Mnr. Mohamed aangaande die feit dat beskuldigde 1 se ouers nie teenwoordig was nie, het die getuie gedui op par. 5 van **Bewysstuk "F"** wat handel met minderjariges en die reg om 'n regsverteenvoordiger, ouer of voog teenwoordig te hê en aangedui dat hy dit met beskuldigde een (1) behandel het. Beskuldigde het egter geen aanduiding gegee dat hy belangstel om enige van daardie persone teenwoordig te hê nie. die getuie het onder andere ook getuig: *"As hy aangedui het hy wil 'n prokureur hê, dan sou ons die prosedure gestop en gereël het vir 'n prokureur. Dan sou ons die uitwysing op 'n latere stadium gedoen het."*
- (25) Dit was verder gestel aan Kaptein Fryer dat Sersant de Kock die beskuldigde onbehoorlik beïnvloed het en dat Kaptein Fryer nooit enige vrae in dié verband aan beskuldigde 1 gevra het nie. Hierop het die getuie aangedui: *"Ek kan net staatmaak op sy antwoorde. Ek het niks anders nie – dis net sy antwoorde. Ek volstaan daarby dat toe ek daai stukkies met hom behandel het, kon hy dit vir my gesê het, maar hy het nie."* Laastens het die getuie toegegee dat slegs sy eie handtekening op **Bewysstuk "F"** verskyn en getuig hy *"die pro-forma maak nie voorsiening vir die beskuldigde se handtekening nie."* Op 'n vraag van die Hof of hy enige idee gehad het waarheen hul sou gaan, het Kaptein Fryer getuig: *"Geen idee – die beskuldigde het aanwysings gegee."*

(26) **ALBERT UNGERER** het getuig dat hy 'n Inspekteur in die Suid-Afrikaanse Polisiediens te Vredenburg is en verbonde is aan die Speurtak, aldaar as 'n ondersoekbeampte. Op 17 Junie 2004 het die getuie Kaptein Fryer bygestaan by 'n uitwysing – hy het die voertuig bestuur terwyl Kaptein Fryer in die passasiersitplek gesit en notas geneem het. Beskuldigde 1 het links agter in die voertuig gesit en aanwysings gegee waarheen die getuie moes ry. Die getuie getuig dat hulle eers na 'n huis in Steve Twethestraat was. Daarna is 'n huis in Ntapangstraat besoek waar 'n mes gevind is. Aan die einde het die beskuldigde aangedui dat hy nog iets wou wys waarop hulle na die Vredenburg Landdroshof is waar 'n mat-mes in 'n vullismandjie aangetref en op beslag gelê is. Die mes is gefotografeer voor die beslaglegging. Tydens kruisverhoor deur Mnr. Mohamed het die getuie aangedui dat hy nie seker was wie hom versoek het om Kaptein Fryer behulpaam te wees nie. Hy bevestig egter dat hulle die beskuldigde by die hofselle gaan haal het. Geen verdere stellings wat van belang is was aan die getuie gemaak nie.

(27) **JOHN WESLEY ROOI**, 'n Superintendent in SA Polisiediens, gestationeer te Vredenburg, met 27jaar diens getuig dat hy op 15 Junie 2004 die stasiekommissaris by die Vredenburg polisiekantoor was. Op daardie dag is hy deur Kaptein Mong genader om 'n verklaring van beskuldigde 5 af te neem aangesien daar geen Landdroste beskikbaar was nie. Die getuie beweer dat hy geen insae in die dossier op daardie betrokke stadium gehad het nie, maar dat hy wel bewus was van die moord asook die identiteit van die oorledene. Die plek waar hy die verklaring van beskuldigde 5 afgeneem het was in die kantoor wat gebruik was deur die ondersoekspan wat die saak ondersoek het.

- (28) Superintendent Rooi het **Bewysstuk "E"** geïdentifiseer as die vorm wat deur hom voltooi is tydens die verrigtinge en verduidelik: *"Die naam Teswald Cheslin van Wyk het ek by beskuldigde 5 self gekry."* Voorts verduidelik die getuie, dat hy die vrae op die pro-forma met die beskuldigde deurgegaan het, waarna hy voortgegaan het om die beskuldigde se verklaring af te neem. Dit het ongeveer 30 minute geneem om die pro-forma te voltooi en daarna nog ± 'n uur en 30 minute vir die res. Die getuie verduidelik dat dit so lank geneem het, want *"Jy moet dit versigtig doen en jou tyd neem en alles aan die beskuldigde verduidelik."* Die getuie verduidelik ook dat hy die verklaring stuksgewys neergeskryf het en dat hy vrae ter opheldering gevra het en dit so aangedui het op die dokument. Die getuie het daarna self elke bladsy van die verklaring aan die beskuldigde voorgelees ten einde seker te maak dat niks daarin voorkom waarmee die beskuldigde nie saamstem nie, waarna die beskuldigde dit onderteken het. *"Beskuldigde het geensins aangedui dat hy ontevrede is nie."* Tydens kruisverhoor deur Mej. Andrews namens beskuldigde 5 gee die getuie toe dat hy as stasiekommissaris ingelig was rondom die moord. Die saak was die Maandag tydens die vergadering bespreek, hoewel die getuie beweer hy nie kan onthou in hoeveel detail nie. Hy gee verder toe dat dit vir hom as stasiekommissaris van belang was dat die saak opgelos word en dat hy tot 'n mate in eie belang opgetree het toe hy die verklaring geneem het. Superintendent Rooi het egter aangevoer dat hy steeds 100% neutraal was by die afneem van die verklaring. Voorts getuig Superintendent Rooi dat Kaptein Mong en sy ondersoekspan aangedui het dat 'n Landdros nie beskikbaar was nie en *"dit was vir my belangrik om voort te gaan met die verrigtinge....as iemand 'n verklaring wil maak is dit belangrik"*

om hom te help."

- (29) Op 'n vraag van die Hof naamlik of daar benadeling sou gewees het as die saak gewag het tot die volgende dag vir 'n Landdros, antwoord die getuie: *"Ek glo so, as mense oornag in die selle, dan word die goed bespreek."* Dit was ook aan Superintendent Rooi gestel dat beskuldigde 5 sal aanvoer dat paragrawe 'a' tot 'c' op bladsy een (1) van **Bewysstuk "E"** nooit met hom deurgegaan is nie en dat Superintendent Rooi bloot aan hom gesê het dat hy regsverteenvoerding kan kry wanneer hy in die Hof verskyn. Bogemelde stelling was deur Superintendent Rooi ontken. Mej. Andrews het ook aan die getuie gestel dat beskuldigde 5 sal ontken dat hy die antwoord soos genotuleer te vraag 12, bladsy 4 van **Bewysstuk "E"** gegee het, waarop die getuie gereageer het dat hy die antwoord genotuleer het soos dit aan hom gegee was.
- (30) Later was dit ook in kruisverhoor aan die getuie gestel dat beskuldigde 5 sal beweer dat hy nie 'n verklaring wou aflê nie, maar dat hy onbehoorlik beïnvloed was deur Inspekteur Kuilders en Sersant De Kock wat aan hom voorgehou het dat die ander beskuldigdes reeds verklarings afgelê het. Die getuie se reaksie was dat hy nie op sodanige stelling kommentaar kan lewer nie, aangesien hy nie kennis dra van die gebeure voordat hy die verklaring van beskuldigde 5 afgeneem het nie. Mej. Andrews het verder dit gestel dat beskuldigde 5 daardie dag mandrax gerook het, waarop Superintendent Rooi aangedui het dat beskuldigde 5 nugter voorgekom het en dat hy geen dwelm of drank reuk waargeneem het nie.
- (31) Verder het Mej. Andrews dit gestel dat beskuldigde 5 sal aanvoer dat die verklaring nooit aan hom voorgelees was nie

en dat hy bloot die dokument moes teken. Hierop het Superintendent Rooi toegegee dat hy nie seker is of die beskuldigde self die verklaring gelees het nie, maar dat hy wel seker is daarvan dat hy die verklaring aan die beskuldigde voorgelees het voordat die beskuldigde dit onderteken het. Mej. Andrews het voortgegaan en aan die getuie gestel dat beskuldigde 5 sal ontken dat hy sekere stellings aan die getuie gemaak het, naamlik:

- i) *“Ons het hom gesien en besluit om hom dood te maak.”*
- ii) Hy het nooit gesê die oorledene het stil gelê nie, en
- iii) Dat hy nooit aan Superintendent Rooi gesê het dat dit die eerste persoon is wat hy doodgemaak het nie.

Superintendent Rooi het volgehou dat dit die beskuldigde se woorde was en dat hy bloot neergeskryf het wat die beskuldigde aan hom vertel het. Tydens herverhoor deur die Staat het die getuie die inhoud van die verklaring aan die Hof uitgelees en is bladsye 8 en 9 ook ingehandig as deel van **Bewysstuk “E”**.

- (32) **JULIANA KUILDERS**, ‘n Inspekteur in die diens van die Suid-Afrikaanse Polisie te Vredenburg speurtak, het in haar getuienis in hoof getuig dat sy op 15 Junie 2004 op versoek van Kaptein Mong vir beskuldigde 5 vanaf die bankie waar hy gesit het in die polisiekantoor na die kantoor van Superintendent Rooi geneem het. Sy het verduidelik dat sy voor die betrokke datum al kennis gemaak het met die beskuldigde uit die aard van haar werk. Tydens kruisverhoor deur Mej. Andrews getuig die getuie dat sy bekend was met beskuldigde 5 aangesien sy sy moeder ken. Sy het hom dus herken met haar aankoms by die polisiestasie waar hy op ‘n bankie gesit het. By navraag oor sy teenwoordigheid, aldaar, beweer die getuie, het beskuldigde 5 aan haar gesê dat hy daar is vir ‘n moordsaak en dat hy ‘n verklaring gaan aflê. Die

getuie beweer dat sy hom as 'n vriend probeer aanspoor het om eers 'n prokureur te bekom wat die beskuldigde geweier het. Na bogemelde getuienis het Mej. Andrews dit aan die getuie gestel dat beskuldigde 5 sal ontken dat hy mededelings aan haar gemaak het en dat hy sal aanvoer dat Inspekteur Kuilders hom aangesí het om 'n verklaring te maak, aangesien die ander beskuldigdes dit alreeds gedoen het. Inspekteur Kuilders het die bogemelde ontken en getuig dat sy nie eens bewus was van die ander beskuldigdes nie.

- (33) **ANDREW SAMUEL SNYDERS** het getuig in hierdie kategorie dat hy op 15 Junie 2004 tydens sy arrestasie 18 jaar oud was. Hy het standerd sewe (7) op skool geslaag en het tydens die voorval gewerk vir sy oom wie 'n bou-onderneming het. Die oom, Abie van Heerden het hom dan ook op Dinsdag 15 Junie 2004 omstreeks 9uur op versoek van sy pa na die Vredenburg polisiestasie geneem. Beskuldigde 1 getuig: *“Sersant de Kock was by haar kantoor toe ons daar aankom. Ons gaan in en maak mededelings aan haar. Ek en my oom gaan saam in en toe is my oom met Sersant de Kock uit.”* Sersant De Kock het beskuldigde 1 na bewering ondervra vanaf 9uur tot 11uur en sy kennisgewing van regte eers om 11h15 aan hom gegee, net voor hy na die vrederegter is. Beskuldigde 1 beweer dat Sersant De Kock hom gearresteer het tydens die ondervraging, maar dat hy geensins ingelig was van sy regte nie. Sersant De Kock het aan beskuldigde 1 gesí dat daar verklarings is wat bevestig dat hy betrokke is by die misdryf. Sy het ook na bewering gesí dat indien beskuldigde 1 sy betrokkenheid by die misdryf erken, sal dit dien as strafversagting en dat die Hof hom dan nie so swaar sou straf nie.

- (34) Beskuldigde 1 getuig dat Sersant De Kock notas geneem het

terwyl hy mededelings aan haar gemaak het. Toe sy klaar is met haar notas, sý sy sy is nie in staat om 'n verklaring te neem nie *“sy gaan my neem na iemand met 'n hoër rang soos 'n Landdros.”*

Sersant De Kock het die kantoor verlaat waarna 'n vrou ingekom het – beskuldigde 1 getuig in sy woorde: *“Ek het verwag 'n Landdros sou inkom.”* Die vrou het haar voorgestel as Kaptein De Bruyn, 'n vrederegter en gesé dat sy daar is om sy verklaring af te neem. Beskuldigde 1 beweer dat Kaptein De Bruyn hom geensins ingelig het of verduidelik het van sy regte nie. Sy het hom wel gevra of enige beloftes deur enige persoon aan hom gemaak is indien hy 'n verklaring sou aflí, waarop hy haar vertel het dat Sersant De Kock gesé het indien hy sy betrokkenheid sou erken dit sou dien as strafversagting. Beskuldigde 1 getuig ook dat Kaptein De Bruyn hom nooit gevra het of hy al voorheen 'n verklaring in verband met die voorval aan enige ander persoon gemaak het nie, maar dat hy haar wel gesé het dat hy 'n verklaring aan Sersant De Kock gemaak het.

- (35) Beskuldigde 1 beweer ook dat vraag 11.(iii) van **Bewysstuk “G”**, naamlik *“waarom verlang u om die verklaring te herhaal?”*, nooit aan hom gestel was nie. Beskuldigde 1 getuig dat nadat Kaptein De Bruyn sy verklaring afgeneem het, sy kruisies in potlood gemaak het waar hy moes teken. Sy het die verklaring nooit aan hom uitgelees nie en hom ook nooit kans gegee om dit deur te lees nie. Beskuldigde 1 beweer dat hy tydens die aflí en die ondertekening van die verklaring nie die implikasies van sy handeling besef het nie. Na aflí van die verklaring was beskuldigde 1 in hegtenis aangehou en het hy op Donderdag 17 Junie 2004 in die Hof verskyn. Toe hy die middag uit die Hof kom het Sersant De Kock daar opgedaag en gesé hy moet 'n uitwysing gaan doen. Hy was weer nie van

sy regte ingelig nie. Daarna het Kaptein Fryer opgedaag en hom kom haal. Kaptein Fryer vergesel beskuldigde 1 toe vanuit die hofselle na 'n voertuig waarmee hul onmiddellik vertrek het. Niemand behalwe Kaptein Fryer het met beskuldigde 1 gepraat nie en terwyl hulle ry het Kaptein Fryer vrae aan hom gevra en notas gemaak. Op geen stadium het Kaptein Fryer hom ingelig van sy regte nie. Hy het hom ook nie gewaarsku van enige foto's wat geneem mag word nie.

- (36) Beskuldigde 1 ontken dat Kaptein Fryer ooit vrae 1 en 2 op bladsy 5 van **Bewysstuk "F"** gevra het nie, naamlik:

(1) of hy tevrede is dat dit wat beskuldigde 1 aangewys het, korrek genotuleer is en

(2) of beskuldigde 1 tevrede is dat dit wat hy aangewys het, sy eie weergawe van die gebeure is. Beskuldigde 1 bevestig egter dat Kaptein Fryer vraag no. 3 op bladsy 6, naamlik of hy enige klagtes het oor die wyse waarop die aanwysings waargeneem is, gevra het en hy dui aan dat hy geen klagtes gehad het nie.

Tydens kruisverhoor deur die Staat blyk dit dat beskuldigde 1 afwyk van sy aanvanklike getuienis aangaande hoe die gebeure by aankoms by Sersant De Kock se kantoor verloop het. Beskuldigde 1 se getuienis in hoof was dat: *"Ons gaan in en maak mededelings aan haar"* wat dan toe aanleiding gegee het tot die beweerde 2 ure lange ondervraging deur Sersant De Kock. Tydens kruisverhoor beweer beskuldigde 1 dat hy geen idee gehad het waarom die polisie hom gesoek het nie en dat hy aanvanklik geensins met Sersant De Kock gepraat het nie, maar dat sy oom al die praatwerk gedoen het. Toe beskuldigde 1 herinner word aan sy getuienis in hoof, pas hy sy weergawe effens aan deur te sê: *"Ek het ingekom, my oom praat en hulle twee gaan uit. Sy kom terug. Ek maak mededelings - dis goed wat ek sê in verband met die saak."*

Eers na ek sekere goed sê van die saak begin sy my vra."

- (37) Tydens kruisverhoor blyk dit dat die rede wat beskuldigde 1 aanvoer vir die maak van die verklaring, is omdat Sersant De Kock twee keer aan hom genoem dat sy oor verklarings beskik wat daarop dui dat hy betrokke is by die misdryf en een keer aan hom genoem het dat indien hy sy betrokkenheid by die misdryf erken, dit sal dien as strafversagting. Beskuldigde 1 getuig: *"Ek het gedink ek moet 'n verklaring maak",* maar toe die Staatsaanklaer hom vra *"waarom dink u u moet 'n verklaring aflê toe De Bruyn inkom?"*, antwoord beskuldigde 1 *"Ek kan nie sê nie."*

- (38) Opvallend is ook beskuldigde 1 se reaksie tydens die ondertekening van die verklaring. Hy kan nie aan die Hof verduidelik wat hy gedink het terwyl hy sy handtekening op die verklaring aangebring het nie:

V: "Terwyl u sit en teken, het u gewonder hoekom teken u?"

A: "Nee - ek het gedink dis deel van die verklaring." Verder getuig beskuldigde 1 dat hy geen probleem gehad het om die verklaring voor Kaptein De Bruyn af te lê nie, alhoewel hy 'n Landdros verwag het. Beskuldigde 1 getuig dat hy reg aan die einde na die aflê van die verklaring en uitwysing en terwyl hy in die selle gelê het, besef het dat hy onbehoorlik beïnvloed was. By herinnering aan sy weergawe, naamlik dat hy reeds kort na die beweerde beïnvloeding sy lot bekla het by Kaptein De Bruyn, getuig beskuldigde 1: *"Ek het vir haar gesê, maar ek het na die tyd ook gedink ek was beïnvloed."*

- (39) Mnr. Mohamed het daarna vir **ABRAHAM VICTOR VAN HEERDEN**, die oom van beskuldigde 1 as getuie geroep. (Die Staat het aanvanklik die getuie aangedui as een van die Staatsgetuies, maar het Mnr. Van Heerden beskikbaar gestel

aan die verdediging.) Mnr. Van Heerden het bevestig dat hy beskuldigde 1 op 15 Junie 2004 na Vredenburg Polisiestasie geneem het. Die getuie bevestig verder beskuldigde 1 se weergawe dat hul glad nie geweet het waarom die polisie vir beskuldigde 1 gesoek het nie. Mnr. Van Heerden getuig dat hy Sersant De Kock gevra het waarom die polisie beskuldigde 1 soek, waarop sy aangedui het dat dit as gevolg van 'n moord aanklag was. Hy getuig verder dat terwyl hy daar was, beskuldigde 1 glad nie gepraat het oor enige saak of sy betrokkenheid daarby nie omdat hy geen erkennings of mededelings in sy teenwoordigheid gemaak het nie. Hy getuig dat hyself ook net 'n kort tyd in Sersant De Kock se kantoor vertoef het.

- (40) Tydens kruisverhoor deur die Staat was die getuie se verklaring soos dit in die polisie-dossier verskyn aan die getuie voorgehou. Daarin het die getuie onder andere verklaar dat hy beskuldigde 1 na die polisie geneem het omdat beskuldigde 1 homself wou oorgee. Mnr. Van Heerden het egter steeds ontken dat hy ooit die woord “oorgee” gebruik het en verduidelik dat hy die verklaring geteken het maar nooit die woord “oorgee” in sy verklaring raakgesien het nie. Die Staat het versoek dat die getuie se verklaring ingehandig word as **Bewysstuk “H”**.

- (41) **TESHWILL VAN WYK** het getuig dat hy op 15 Junie 2004 deur Sersant de Kock gearresteer was en op 'n bankie in die polisie-kantoor moes wag. Terwyl hy daar op die bankie gesit het, het Inspekteur Kuilders opgedaag en van hom verneem wat die rede is vir sy teenwoordigheid. Beskuldigde 5 getuig dat hy aan haar gesê het dat dit in verband met 'n moord op Cheslin Florentino is. Terwyl hy daar gesit het, het hy opgemerk dat ook beskuldigde 1 in die kantoor gesit het. Met

Sersant de Kock se terugkoms na waar hy op die bankie gesit het, het sy twee (2) keer aan hom gesê dat hy 'n verklaring moet maak. Hy getuig dat ook Inspekteur Kuilders aan hom gesê het om 'n verklaring te maak, aangesien die ander beskuldigdes reeds verklarings gemaak het. Hy getuig: *"Ek het toe ingestem om 'n verklaring te gee, want dit voel ek het nie 'n keuse nie, want hul het aangehou vra ek moet 'n verklaring gee."* Inspekteur Kuilders het beskuldigde 5 toe na Superintendent Rooi se kantoor geneem waar Superintendent Rooi hom gevra het of hy Teshwill van Wyk is en hom aangesê het om te sit. Superintendent Rooi het hom toe begin vrae vra, naamlik hoe oud hy is, ens. **Bewysstuk "E"** was aan beskuldigde 5 getoon en hy het getuig dat slegs:

- a) vraag 11(i), naamlik "Het u vantevore 'n verklaring in verband met hierdie voorval aan enige ander persoon gemaak?", gevra was. Daarop het beskuldigde 5 "Nee" geantwoord, en
- b) vraag 14(i), naamlik "Wanneer is u in hegtenis geneem?" was gevra en beskuldigde 5 se antwoord: "Ek het myself op 15 -06-2004 kom oorgee by SAPD Vredenburg" was sy antwoord gewees.
- c) Vraag 15, naamlik "Het u beserings van enige aard aan u?", was gevra en sy antwoord daarop was "geen" soos genotuleer is.

- (42) Beskuldigde 5 getuig dat geen ander waarskuwings of vrae soos blyk uit **Bewysstuk "E"** ooit aan hom gestel was nie. Beskuldigde 5 getuig ook dat bogemelde vrae en antwoorde nie weer aan hom voorgelees was nie. Beskuldigde 5 het verder beweer dat hy die verklaring by Superintendent Rooi afgelê het, want *"Ek het gedink ek moet 'n verklaring afgee."* Hy getuig hy het nie daaraan gedink om vir Superintendent Rooi te sê hy wil nie 'n verklaring gee nie, want: *"EK is nou*

hier, niks anders kan dit nou stop nie” en *“Dit het nie gelyk dat ek aan Rooi kan sê ek wil nie ‘n verklaring aflê nie.”* Beskuldigde 5 getuig verder dat hy nie aan Superintendent Rooi vertel het dat Inspekteur Kuilders en Sersant De Kock hom aangesí het om die verklaring af te lê nie, want: *“Ek het gedink dit sal nie nodig wees nie – ek is nou klaar hier.”* Beskuldigde 5 sê dan ook dat eers nadat hy die verklaring geteken het, het Supt. Rooi aan hom gesê dat dit teen hom gebruik kan word.

- (43) Tydens kruisverhoor deur die Staat het beskuldigde 5 weereens getuig dat hy ingestem het om ‘n verklaring af te lê omdat Sersant De Kock hom twee (2) keer aangesí het om dit te doen. Hy gee egter toe dat hy wel bewus daarvan was dat hy nie ‘n verklaring hoef te maak nie.: *“Ek het al gehoor mense wat gearresteer was wat weier”*, maar hy getuig *“By Rooi voel ek ek is nou by die plek waar ek die verklaring moet aflê.”* Op ‘n vraag waarom hy nie aan Superintendent Rooi gesê het dat Sersant De Kock hom dwing om ‘n verklaring af te lê nie, getuig hy dat hy nie gedink het dat dit sal help nie. Voorts was gevra wat hy dink sou gebeur indien hy by Superintendent Rooi sou weier om ‘n verklaring af te lê, waarop hy antwoord *“Ek het nie gevoel dit sal ‘n verskil maak nie.”* **Bewysstuk “E”** bladsye 8 en 9 was weer aan beskuldigde 5 voorgelees. Hy het aangedui dat die volgende woorde en of passasies nooit deur homself aan Superintendent Rooi oorgedra was nie:

- 1) die woord: *“grudge”*
- 2) die sin: *“Ons het hom gesien en besluit om hom dood te maak.”*
- 3) Die woorde: *“die ander het messe gehad.”*
- 4) Die sin: *“Chess het probeer weghardloop,.....”*
- 5) Die sin: *“Ons het hom ingehaal voordat hy oor ‘n*

muur kon spring. Ons het hom vasgedruk en verder gesteeek. Hy het stil gelê. Ons het toe verder geloop.”, en

- 6) Die sin: *“Dit is egter die eerste persoon wat ek doodmaak. Dit is al wat ek kan verklaar.”*

Beskuldigde 5 beweer bogemelde gedeeltes was deur Superintendent Rooi self ingevul.

- (44) Op 10 April 2006 het hierdie Hof na ‘n verhoor-binne-verhoor aangaande die toelaatbaarheid al dan nie van **Bewysstuk “E”** (‘n verklaring afgelê deur beskuldigde 5 aan ‘n vrederegter), **Bewysstuk “F”** (‘n uitwysing deur beskuldigde 1 aan ‘n vrederegter) en **Bewysstuk “G”** (‘n verklaring deur beskuldigde 1 aan ‘n vrederegter), gelas dat **Bewysstukke “E” en “G”** ontoelaatbaar geag sal word en dat **Bewysstuk “F”** toelaatbaar geag word.

- (45) Die Staat het sy saak voortgesit en het weer vir **SYDNEY FRYER** (‘n Kaptein in diens van die Suid-Afrikaanse Polisie gestationeer te Saldanhabaai, geroep. Die getuie het grotendeels sy getuienis soos gelewer in die binneverhoor, herhaal. Hy het dan ook die verdere gedeelte van **Bewysstuk “F”** geïdentifiseer as die dokumente wat hy opgestel het tydens die uitwysings deur beskuldigde 1. In dié verband het hy spesifiek verwys na die notas op bladsy 4 van **Bewysstuk “F”**. Hy het ook getuig dat hy vrae 3 en 4 by paragraaf 6 gevra het na die uitwysings. Die getuie getuig verder dat waar punte uitgewys was deur beskuldigde 1, hy die fotograaf versoek het om foto’s te neem.

- (46) **JOHANNES MATTHEUS H. COWAN**, ‘n Inspekteur in die Suid-Afrikaanse Polisie, gestationeer by die Plaaslike Kriminele Rekord Sentrum te Vredenburg, as amptelike plantekenaar en

fotograaf, het getuig en bevestig dat hy foto's 1-26 geneem het, die sketsplan opgetrek het, en die sleutel tot die sketsplan en foto's soos blyk uit **Bewysstuk "J"** opgestel het. Die Staat het die foto's sketsplan en sleutel daartoe, ingehandig as **Bewysstuk "J"**. Die getuie verduidelik dat hy foto's 1-6 van die toneel geneem het om 5 voor 3 die oggend van 13 Junie 2004. Hy verduidelik ook dat die beligting op daardie stadium swak was. Tydens die lykskouing het hy foto's 7-17 op versoek van die dokter geneem. Foto 18 is 'n foto van 'n mes wat hy by die Vredenburg polisiekantoor geneem het. Foto's 19-26 het die getuie geneem tydens 'n uitwysing aan Kaptein Fryer.

- (47) Laastens het die Staat die ondersoekbeampte, **SERSANT MARINDA DE KOCK** geroep. Dié getuie het aangedui dat sy hou by haar getuienis soos afgelê tydens die binneverhoor, sy voeg egter by dat sy die oggend van 14 Junie 2004 om 20 oor 2 op die toneel aangekom het. Die oorledene was reeds van die toneel verwyder. Sy het Inspekteur Demas daar aangetref asook die inwoners van Primrosesingel no. 19. Die getuie bevestig dat sy Inspekteur Cowan na die toneel ontbied het. Sy getuig verder dat die beligting op die toneel swak was.
- (49) Volgens Sersant de Kock het sy beskuldigde 1 op 15 Junie 2004 gearresteer. Die res van die beskuldigdes met die uitsondering van beskuldigde 8, was op 16 Junie 2004 gearresteer. Beskuldigde 8 is op 'n latere stadium gearresteer deur haar kollega, Kaptein de Bruyn, aangesien selfs Sersant de Kock op rusdag was. Sersant de Kock het verduidelik dat hoewel sy Mev. Meintjies van Primrose Singel 19 as Staatsgetuie gedagvaar het, 'n mediese sertifikaat ten opsigte van dié getuie, aan haar verskaf was wat voormeld het dat die getuie emosioneel nie instaat was om getuienis af te lê nie.

(50) Hierna het die Staat aangedui dat geen verdere getuies geroep sal word nie. Beskuldigdes 1,2,3,4,5,6 en 8 het egter aangedui dat hul bereid was om in terme van Artikel 220 van Wet 51 van 1977 erkennings te maak, welke erkennings vervat is in **Bewysstukke “K1” tot “K7”** wat by hierdie verrigtinge deur die Staat ingehandig was.

Hiermee het die Staatsaanklaer haar saak gesluit.

DIE ONTLEDING EN EVALUASIE VAN GETUIENIS IN DIE EERSTE BINNEVERHOOR RAKENDE DIE TOELAATBAARHEID VAN BORGAANSOEK OORKONDE EN DIE TOEPASSING VAN REGSBEGINSELS DAAROP

(51) Die verrigtinge in die binneverhoor omtrent die toelaatbaarheid van verklarings, borgverrigtinge en uitwysing is interlokutoor van aard. Gevolglik is die toelaatbaarheidsbevinding nooit finaal nie. Tog is dit nie 'n uitgemaakte saak of meer as een binneverhoor in verband met dieselfde toelaatbaarheidsvraag kan plaasvind nie. (Sien **S v Steyn** 1981 (3) SA 1050 (K); **S v Leepile** (2) 1986 (2) SA 346 (W) 350 I-J en **S v Ramgobin** 1986 (4) SA 117 (N) 178 H-I. Die reël is dat dit aan die einde van die saak, nadat al die getuienis aangehoor is, verander kan word. (Sien **S v Mkwana** 1966 (1) SA 736 (A)) Volgens die beslissing in **S v Tjiho** 1992 (1) SASV 639 (NM) behoort in die praktyk die toelaatbaarheidsbevinding hersien te word onmiddellik wanneer ander getuienis aan die lig kom wat aantoon dat die getuienis nie teen die beskuldigde toelaatbaar behoort te wees nie. Schmidt Bewysreg 4de uitgawe bladsy 372 meen dat die werkswyse in die **Tjiho-saak** wenslik is aangesien dit benadeling van die beskuldigde kan voorkom. Sterk oorweging moet na my oordeel, aan hierdie werkswyse geskenk word, hoofsaaklik vandag in Suid-Afrika onder die nuwe bedeling waar ons Grondwet 'n plig op almal plaas om

elke keer die handves van regte in gedagte te hou in die toepassing en interpretasie van enige wetsbepaling, insluitende gemene reg of gewoontereg. Na my oordeel moet die praktyk ook aan die bepalings van Artikel 39 (2) van die Grondwet onderworpe wees. Dit is ook na ons oordeel tyd om redes te verskaf vir verskeie bevele wat na die binne-verhore gegee is. Normaalweg is die prosedure van so 'n aard dat hierdie oorweging aan die einde van beide die Staat en verdediging saak gedoen word. Maar die aard van die saak en die omstandighede wat in hierdie saak heers, veroorsaak dat die oorweging en die verskaf van redes op hierdie stadium gedoen moet word.

- (52) Die verhoorlanddros het net voor die aanvang van die borgverrigtinge onder andere die volgende waarskuwing aan die beskuldigdes wat regsverteenvoerdig was, gegee:

"....Verder is dit belangrik dat u daarop let dat as u nou gaan verkies om getuienis af te lê tydens die borgverrigtinge sal enige iets wat u sê tydens die daaropvolgende verhoor teen u gebruik kan word en sal dit toelaatbare getuienis wees wanneer hierdie saak op verhoor gaan. En dit wil voorkom asof dit in die Hooggeregshof voortgesit sal word."

- (53) Die beskuldigdes wat in hierdie borgverrigtinge binneverhoor betrokke was, d.w.s. beskuldigdes een (1), vyf (5) en agt (8), het getuig dat die landdros hulle nie gewaarsku het dat wat hulle tydens borgverrigtinge openbaar, teen hulle tydens die verhoor gebruik sou word nie. Daar is verskeie belaglike verduidelikings wat hulle navore gebring het toe hulle gevra was aangaande wat hulle met "daarop volgende verhoor" verstaan het. Hulle bewering dat hulle ook nie deur hulle prokureur rakende die moontlike gebruik van hulle borgverrigtinge getuienis in die verhoor verwitting was nie,

moet bevraagteken word. As dit wel die geval is, is dit bo my vuurmaakplek hoe dit gekom het dat beskuldigdes een (1) en vyf (5) niks waardevol tydens hierdie verrigtinge geuiter het nie. Beskuldigde vyf (5) het elke keer op vrae wat met meriete van die saak gehandel het, soos volg geantwoord:

“Ek voel nie om daar te antwoord nie.”

Behalwe vir beskuldigde agt (8), Meneer Christiaan Jonkers, het almal nie veel oor die meriete van die saak in die borgverrigtinge getuig nie. Wat egter verbasend is, is dat dieselfde prokureur wat beskuldigdes een (1) en vyf (5) verteenwoordig het, ook in dieselfde borgaansoek namens beskuldigde agt (8) opgetree het. Hierdie Hof moet homself afvra, hoe dit is dat die prokureur beskuldigdes een (1) en vyf (5) oor hulle regte sou ingelig het, maar versuim het om aan beskuldigde agt (8) die regte te verduidelik? Soos hierdie Hof die weergawe van die beskuldigdes verstaan, het hulle saam gestaan vir sowat tien (10) minute voor die aanvang van die borgaansoek toe hulle deur Mnr. Gouws (prokureur in die borgaansoek) gekonsulteer was. In hierdie opsig het hierdie Hof nie die voordeel gehad om getuienis teen dié van die beskuldigdes aan te hoor nie. Daar is moontlikhede. Die moontlikheid, byvoorbeeld, dat beskuldigdes een (1) en vyf (5) geweier het om vrae te antwoord wat met die meriete van die saak gehandel het, op grond van hulle moontlike vorige ondervinding dat ‘n beskuldigde op daardie stadium nie homself hoef te inkrimineer nie, is glad nie deur middel van getuienis uitgesluit nie. Miskien het beskuldigde agt (8) destyds geen sodanige ondervinding gehad nie.

- (54) Die bepalinge van Artikel 35 van die Grondwet maak voorsiening vir onder andere, ‘n gearresteerde, aangehoudene of beskuldigde se reg op stilswye (Artikel 35(1) (a)) en ‘n beskuldigde se reg op ‘n billike verhoor (Artikel

35(3)). Die verdedigingsadvokate het op die bepalings van bostaande Artikel 35 van ons Grondwet in hulle beswaar teen die inhandiging van die borgverrigtinge gesteun. In **S v Botha and Others (2)** 1995 (2) SASV 605 (W) (ook in 1995 (11) BCLR 1489 (W)) word 'n noukeurige ondersoek gedoen na beskerming teen self-inkriminering. Die geleerde Regter Myburgh met betrekking tot getuienis wat ten tye van die borgaansoek afgelê is, het homself soos volg op bladsy 610 f-j van die Hofverslag uitgespreek:

“It is clear that the accused cannot have a fair trial if he is cross-examined on the incriminating evidence he gave at the bail application if he did so in ignorance of the right to refuse to answer incriminating questions. The question is whether accused 1 was unaware of the rule against self-incrimination. When accused 1 was told by one of the arresting officers that he had a “swygreg” he was informed of no more than that he had a right to remain silent. He was not told that he had a right to refuse to answer incriminating questions. The magistrate did not inform him of that right. Accused 1 avers that he did not know of the right to refuse to answer incriminating questions and he was not informed of that right by his legal representatives. There is no evidence to gainsay that averment. It is also not improbable that he was not informed of the right by his legal representatives. Firstly, he met his legal representatives at Court and consulted with them in a room in the cells for only about ten (10) to fifteen (15) minutes. The record of the bail application does not give an indication that accused 1 was aware of the right against self-

incrimination. Secondly, the mere fact that he was represented by lawyers does not justify the inference that they advised him of the right. They themselves may not have appreciated that their client enjoyed two distinct rights: the right to remain silent and the right against self-incrimination.”

(55) Ons is dit eens met bostaande uiteensetting deur Regter Myburgh. Dit is sonder twyfel in die onderhawige saak van toepassing. Dit is gemene saak dat dit slegs die beskuldigdes is wat in die binneverhoor aangaande die borgverrigtinge getuig het. Hulle bewering dat hulle prokureur nie hulle van hulle Grondwetlike regte ingelig het nie, staan huidiglik onbetwis deur enige getuienis aan die kant van die Staat. Dit is ook so dat uit die borgverrigtinge self blyk dit nie so duidelik dat die beskuldigdes deur hulle prokureur van hulle Grondwetlike regte ingelig was nie. Ons aanvaar wat uit die borgverrigtinge oorkonde voorkom, naamlik dat die landdros aan die begin van die verrigtinge die beskuldigdes gewaarsku het dat wat gesí word ten tye van die borgaansoek, gebruik sou word in die daaropvolgende verhoor. Dit beteken natuurlik dat sodanige getuienis toelaatbaar sou wees in die verhoor self. Die woorde “daaropvolgende verhoor” is glad nie dubbelsinnig nie. Hulle verwys na die “aankomende” verhoor.

(56) Regter Myburgh in die **Botha-saak** *supra*, handel ook met die voor- en nadele van stilsweye ten tye van ‘n borgaansoek en spreek homself soos volg op bladsy 611 i-j uit:

“If the evidence given by an accused at a bail application is admissable later at trial, the accused faces a dilemma: if he fails to give evidence or refuse to answer incriminating

questions, he may be refused bail, yet, if he does give evidence and answers incriminating questions in order to get bail, he foregoes his right to remain silent and the privilege against self-incrimination. In the interests of a fair trial the accused should not have to choose.”

Sien ook **S v Venter** 1996(1) SASV 664 (A) op 666i – 667h waar dit bevind is dat die feite in die **Botha saak** *supra*, onderskeibaar is en dat die borgverrigtinge inderdaad as getuienis op verhoor toelaatbaar is. Vergelyk egter **S v Nyengane en Andere** 1996(2) SASV 520 (OK) en **S v Aimes and Another** 1998(1) SASV 343 (K).

- (57) In **S v Chavulla en Andere** 1999(1) SASV 39 (K) het Lategan, R bevind dat die bostaande *dictum* in die **Botha-saak** nie korrek is nie. Met verwysing na hierdie twee (2) regte (stilswye en teen self-inkriminasie) het die geleerde Regter die volgende siening uitgespreek:

“Die regte waarna hier verwys word, in hoofsaak wat Konstitusioneel verkry is deur enige persoon tydens ‘n verhoor, afgesien van die reg tot ‘n billike, regverdige verhoor, is naamlik eerstens die swygreg en tweedens die reg om te weier om homself te inkrimineer. Klaarblyklik dus moet daar bepaal word aan die hand van die feite van elke saak voor die hof wanneer daar uitsluitel gegee wil word oor of ‘n aspek billik of regverdig is teenoor ‘n beskuldigde, moet daar ‘n proses begin word waarin (en ek sê dit sonder vrees van teenspraak) op ewehandige wyse geoordeel moet word teenoor die twee partye wie se belange in gedrang is by so ‘n beslissing. Anders gestel, die bepalings of iets billik of regverdig is in so ‘n

geval, kan nie net gedoen word binne die verwysings-raamwerk van die een party se belange nie: daar moet gelyktydig en ewehandig verwys word na die belange van al twee die partye wat betrokke is. 'n Strafverhoor is uiteraard so 'n proses waarby twee partye betrokke is, enersyds die belange van die beskuldigde en andersyds die belange van die Staat, die gemeenskap vir wie die Staat verteenwoordig."

- (58) Dit behoort egter dadelik gemeld te word dat in die **Chavulla-saak** *supra*, die kernfeite was dat die beskuldigdes almal ten tye van die borgeansoek regsverteenvoortwoordig was en by herhaling gewaarsku is ten opsigte van hulle swygreg en hulle reg teen self-inkriminasie. Die landdros en die aanklaer het dit ook gedoen. Die regsverteenvoortwoordigers het ook die versekering gegee dat hulle die beskuldigdes se regte volledig aan hulle verduidelik het. Daar was dus geen twyfel by Lategan, R dat die beskuldigdes ten tye van die borgeansoek, *"behoorlik op hoogte was van wat hulle konstitusionele regte was en hulle vry was om hulle eie keuse in terme van daardie regte te doen"* (Op 44 f-g). Die posisie is egter verskillend in die onderhawige saak. Behalwe vir wat die landdros net een keer gesê het, is daar geen duidelikheid dat die twee (2) regte (stilsweye en teen self-inkriminasie) aan die beskuldigdes verduidelik was nie. Die bepaling van Artikel 60 (11B) (c) van die Strafproseswet 51 van 1977 is ook van belang. Dit lui soos volg:

"Die rekord van die borgverrigtinge, behalwe die inligting in para (a) (ten opsigte van vorige veroordelings en hangende aanklagte), maak deel uit van die beskuldigde se verhoor wat op

sodanige borgtogverrigtinge volg: met dien verstaande dat, indien die beskuldigde verkies om gedurende die loop van die borgtogverrigtinge te getuig, die hof hom of haar moet inlig van die feit dat enigiets wat hy of sy sê teen hom of haar by sy of haar verhoor gebruik kan word en sodanige getuienis word toelaatbaar in enige daaropvolgende verrigtinge.”

(59) Bostaande maak dit duidelik dat die borgverrigtinge, insluitende getuienis van ‘n beskuldigde, by die beskuldigde se later verhoor gebruik kan word mits die voorsittende beamppte voor wie die borgaansoek geskied het, hom soos vermeld, gewaarsku het. Die Staatsaanklaer hoef slegs ‘n gewaarmerkte afskrif daarvan, ingevolge die bepalinge van Artikel 235(1) van die Strafproseswet, by die verhoor voor te lê. Streng gesproke is die **Botha-saak**, *supra* onderskeibaar van **S v Dlamini and Another** 1998 (5) BCLR 552 (N). Die feite was nie dieselfde nie. In die **Botha-saak** *supra*, het die Hof bevind dat die beskuldigde getuienis afgelê het sonder om te weet van sy reg teen self-inkriminasie. In **Dlamini**, was die beskuldigde ten volle ingelig oor sy reg om te swyg en om homself nie te inkrimineer nie. (Sien Kriegler R in **S v Dlamini; S v Dladla and Others; S v Joubert; S v Schietekat** *infra*).

(60) In **S v Dlamini; S v Dladla and Others; S v Joubert; S v Schietekat** 1999 (7) BCLR 771 (CC) het die Konstitusionele Hof gehandel met die toelaatbaarheid van die verklarings deur die beskuldigde gemaak ten tye van die borgtogverrigtinge. Op bladsy 817 van bostaande saak, paragrawe (93) – (95) gaan die geleerde Regter soos volg voort:

‘[93] In any event, I disagree with the reasoning

and conclusion in *Botha* that the record of bail proceedings should be kept distinct from the evidence as to guilt, on the analogy of evidence in a trial-within-a-trial as to the volutariness of a confession. It is true that evidence given at a bail hearing may ultimately redound to the prejudice of the accused. It can therefore not be denied that there is certain tension between the right of an arrested accused to make out an effective case for bail by adducing all the requisite supporting evidence, and the battery of rights under s 35(1) and (3) of the Constitution. But that kind of tension is by no means unique to applicants for bail. Nor does its mere existence sound constitutional alarm bells. Choices often have to be faced by people living in open and democratic societies. Indeed, the right to make one's own choices is an indispensable quality of freedom. And often such choices are hard.

[94] Litigation in general, and defending a criminal charge in particular, can present a minefield of hard choices. That is an inevitable consequence of the high degree of autonomy afforded the prosecution and the defence in our largely adversary (*sic*) system of criminal justice. An accused, ideally assisted by competent counsel, conducts the defence substantially independently and has to take many key decisions whether to speak or to keep silent: does one volunteer a statement to the police or respond to police questions? If one applies for bail, does one adduce oral and/or written evidence and if so by whom? Does one for the

purposes of obtaining bail disclose the defence (if any) and in what terms? Later, at the trial, does one disclose the basis of the defence under s 115 of the CPA? Does one adduce evidence, one's own or that of others? Each and every one of those choices can have decisive consequences and therefore poses difficult decisions. As was pointed out in *Osman's case (Osman and another v The Attorney-General, Transvaal 1998 (4) SA 1224 (CC); 1998 (11) BCLR 1362 (CC))* "(t)he choice remains that of the accused. The important point is that the choice cannot be forced upon him or her". It goes without saying that an election cannot be a choice unless it is made with proper appreciation of what it entails. It is particularly important in this country to remember that an uninformed choice is indeed no choice. The responsibility resting upon judicial officers to ensure the requisite knowledge on the part of the unrepresented accused need hardly be repeated.

[95] In effect the reasoning in *Botha* wishes to give the accused the best of both alternatives or, as it was put bluntly in *Dlamini*, the right to lie: one can advance any version of the facts without any risk of a come-back at the trial; and there one can choose another version with impunity. However, the protection of an arrestee provided under the right to remain silent in the Constitution - or the right not to be compelled to confess or make admissions - offers no blanket protection against having to make a choice. It is true, the principle objective of the Bill of Rights is to protect the individual against abuse of State

power; and it does so, among others, by shielding the individual faced with a criminal charge against having to help prove that charge. That shield against compulsion does not mean, however, that an applicant for bail can choose to speak but not to be quoted. As a matter of policy the prosecution must prove its case without the accused being compelled to furnish supporting evidence. But if the accused, acting freely and in the exercise of an informed choice, elects to testify in support of a bail application, the right to silence is in no way impaired. Nor is it impaired, retrospectively as it were, if the testimony voluntarily given is subsequently held against the accused.'

- (61) Ons is dit eens met Van Zyl, R se siening uitgespreek in **S v Snyman en 'n Ander** 1999 (2) SASV 169 (K) op 175 f - 176 c, as volg:

“Uit die voorgaande gesag blyk die volgende beginsels te kristalliseer:

- 1. Die rekord van verrigtinge in 'n aansoek om borgtog deur 'n beskuldigde, insluitende die getuienis deur sodanige beskuldigde afgelê is, ingevolge die bepalings van art. 60(11B)(c) van die Strafproseswet 51 van 1977, deel van die verrigtinge in die betrokke beskuldigde se daaropvolgende verhoor. Dit is egter onderhewig daaraan dat, indien die beskuldigde wel sou besluit om tydens die borgverrigtinge te getuig, hy deur die hof ingelig en gewaarsku moet word dat sy getuienis in latere hofverrigtinge toelaatbaar sal wees en teen hom gebruik kan**

word.

2. Mits die beskuldigde behoorlik soos voormeld ingelig en gewaarsku is, is die toelaatbaarheid van die rekord van die borgverrigtinge by die beskuldigde se latere verhoor nie in stryd met sy fundamentele regte ingevolge die Grondwet (Wet 108 van 1996) nie. Dit sluit in: sy reg op stilswye na arrestasie (art 35(1)(a); sy reg om nie verplig te word om 'n bekentenis of erkenning te maak wat as getuienis teen hom gebruik kan word nie (art 35(1)(c); sy reg op 'n billike verhoor, waarby ingesluit word sy reg om as onskuldig geag te word totdat hy skuldig bevind word, sy reg op stilswye tydens die verhoor en sy reg om nie tydens enige verrigtinge te getuig nie (art 35(3) (h); die reg om nie verplig te word om self-inkriminerende getuienis af te lê nie (art 35(3)(j)).
3. Die vraag of die hof tydens borgverrigtinge die beskuldigde behoorlik ingelig en gewaarsku het, is 'n feite-vraag wat saamhang met die feite en omstandighede van elke geval. Indien sodanige feite en/of omstandighede betwis sou wees, sou die verhoorhof gerade wees by wyse van 'n verhoor-binne-'n-verhoor of by wyse van breedvoerige ondervraging die twis of geskil by te lê. Eers as hy tevrede gestel is dat die beskuldigde wel behoorlik ingelig en gewaarsku is, sal hy kan beveel dat die borgverrigtinge inderdaad toelaatbaar is. Dit kennelik 'n aangeleentheid wat op die feite en omstandighede van elke saak beoordeel moet word.
4. Mits dit vasstaan dat die beskuldigde behoorlik,

soos voormeld, ingelig en gewaarsku is, staan dit hom vry om tydens borgverrigtinge te getuig of om te swyg. Dit sal miskien vir hom 'n moeilike keuse wees en hom selfs voor 'n dilemma plaas. As hy egter eenmaal sy keuse gemaak het, het hy geen reg om op verhoor beskerm te word teen die gevolge van getuienis wat hy vrywillige en uit eie keuse tydens die borgverrigtinge afgelê het nie."

- (62) Die "voorgaande" gesag waarna Regter Van Zyl verwys, was die destydse ongerapporteerde saak van ***Dlamini v S; Dladla and Others v S; S v Joubert; S v Schietekat*** (CCT 21/98; 22/98; 2/99; 4/99 gelewer op 3 Junie 1999 in die Konstitusionele Hof deur Kriegler, R). Ons het die borgverrigtinge deeglik bestudeer. Behalwe vir die enkele waarskuwing deur die landdros dat die getuienis wat ten tyde van die aansoek afgelê word gebruik sou word in die daaropvolgende verhoor, is daar niks verder nie. Daar word nie aan die beskuldigdes byvoorbeeld gemeld dat hulle daarop geregtig was om nie vrae wat spesifiek met die meriete handel, te antwoord nie. Met ander woorde, die beskuldigdes was nie oor hulle reg teen self-inkriminasie ingelig gewees nie. Dit help nie dat landdroste die spesifieke woorde wat in Artikel 60 (11B) (c) verskyn, gebruik nie. 'n Ongeletterde beskuldigde sal nooit verstaan wat van homself verwag word ingeval hy met 'n vraag wat met die meriete van die saak handel, gekonfronteer word nie. Dit is gemene saak dat in die onderhawige saak die aanklaer diepgaande met die meriete van die saak gehandel het. Beskuldigdes se regsverteenvoerder het op 'n stadium beswaar geopper, maar die verhoorlanddros het dit van die hand gewys. Daarna het die regsverteenvoerder stil gebly tot die einde van die mees gevaarlike kruisondervraging deur die aanklaer. Dit is

wenslik dat verhoorlanddroste deurgans die beskuldigde aan sy regte moet herinner, hoofsaaklik in gevalle soos in die huidige saak waar hulle pertinent oor die meriete van die saak gekonfronteer was. Dit is ook van groot belang dat prokureurs wat namens die beskuldigdes borgeaansoeke hanteer, oplettend moet wees. Prokureurs sal altyd die hof die nodige respek moet toon, maar om die regte van hulle kliënte te beskerm, is 'n funksie wat nooit onder verdenking geplaas moet word nie.

- (63) Wanneer die beginsels waarna Regter Van Zyl verwys in die ***Snyman-saak*** *supra*, op die feite en omstandighede wat in die onderhawige saak heers, toegepas word, is dit na ons oordeel duidelik dat daar desnoods twyfel moet bestaan oor die vraag of die beskuldigdes behoorlik ingelig en gewaarsku is oor die gevolge van hulle besluit om tydens die borgverrigtinge te getuig. Hoofsaaklik blyk dit glad nie uit die borgverrigtinge oorkonde dat hulle gesê was dat hulle nie inkriminerende vrae hoef te antwoord nie. Soos voorheen in hierdie uitspraak gemeld, het die Staat nie die feite wat die beskuldigdes in die binneverhoor voorgelê het deur middel van getuienis betwis nie. Dit is vanselfsprekend dat die beskuldigdes se getuienis aanvaar moet word. Alhoewel die beskuldigdes ten tye van die borgverrigtinge regsverteenvoerdig was, is ons van oordeel dat dit alleen geen waarborg verskaf dat daar behoorlik na hulle regte omgesien is nie. Volgens die getuienis was hulle net haastig deur hulle prokureur voor die aanvang van die borgverrigtinge vir 'n kort tydperk gekonsulteer. Om meer spesifiek te wees, volgens die beskuldigdes se weergawes, het die konsultasie sowat tien (10) minute geduur. Om bostaande redes is ons nie tevrede gestel dat die beskuldigdes betrokke in die borgverrigtinge behoorlik ingelig of gewaarsku is soos

voormeld nie. Ons kan nie die borgverrigtinge finaal toelaat nie. Die borgverrigtinge word derhalwe as ontoelaatbaar verklaar en is dus uitgesluit in hierdie saak.

- (64) Die onreëlmatighede in die strafproses, hoofsaaklik as dit growwe onreëlmatighede is, word met die sanksie van nietigheid besoek. Die strafproses begin nie by die hofverrigtinge nie, maar wel by die arrestasie van die verdagte. Baie jare terug in ***R v Duetsimi*** 1950(3) SA 674 (A) het Schreiner AR op 678-679A van die Hofverslag die volgende gesê:

“It follows from what I have said that, in all cases where the Crown seeks to prove a statement made by an accused person in order to establish his guilt, it is essential to examine the circumstances in which the statement was made and everything that was said by the accused on the occasion in question, in order to ascertain whether the statement was or was not a confession, and, in either event, whether the conditions required for admissibility were present. Unless the trial Judge is satisfied that the necessary foundations for the admission of the statement have been proved, the statement must be excluded.”

- (65) Bostaande is die korrekte benadering in alle gevalle waar dit beweer word dat die beskuldigde 'n verklaring wat op 'n bekentenis neerkom, afgelê het. Die diskresie om andersins toelaatbare getuienis uit te skakel bestaan in twee gevalle, naamlik:
- i) Wanneer die bewyskrag van die getuienis nie opweeg teen sy benadelende uitwerking nie; en

- ii) Wanneer 'n erkenning of bekentenis, of ander getuienis wat van die beskuldigde self verkry is nadat die misdaad gepleeg is, op onbehoorlike onregverdige wyse van hom verkry is.

(Sien: Schmidt – Bewysreg 4 uitgawe deur Schmidt en Rademeyer)

- (66) Die ontoelaatbaarheid van die bostaande tweede groep berus op die stelsel *nemo debet prodere se ipsum* d.w.s. dat niemand homself hoef te inkrimineer nie. Hierdie stelsel is die grondslag van die beskuldigde se **“swygreg”** vervat in ons Grondwet. Die Hof het wel 'n diskressie om onregmatig of onbehoorlik verkreë getuienis uit te sluit op gronde van billikheid en openbare beleid (Sien **S v Hammer** 1994(2) SASV 496 (K) – beslissing van Farlam R (soos hy indertyd was) Bostaande saak is gesag vir die proposisie dat, ingevolge die gemene reg en sonder inagneming van die Grondwet, daar 'n algemene diskressie bestaan vir Howe om ontoelaatbaar of onbehoorlik verkreë getuienis uit te sluit op grond van die oorweging van billikheid en openbare beleid. Sien ook **S v Nombewu** 1996(2) SASV 396 (OK) op 419 e-f en **S v Khan** 1997(2) SASV 611 (A) 619 e-g. Hierdie benadering volg die inhoud van Artikel 39(2) van die Grondwet wat soos volg lees: **“By die uitleg van enige wetgewing, en by die ontwikkeling van die gemene reg of gewoontereg, moet elke hof, tribunal of forum die gees, strekking en oogmerke van die Handves van Regte bevorder.”**

- (67) Die konsep van 'n billike verhoor en die belange van substantiewe geregtigheid in strafvervolgings vereis dat howe die gemene reg moet ontwikkel op so 'n wyse dat 'n diskressie ingesluit moet word om anders toelaatbare getuienis uit te sluit waar die toelating daarvan onbillik teenoor die

beskuldigde sou inwerk of waar die toelating daarvan met die openbare beleid teenstrydig sou wees. Sien ***S v Nombewu*** *supra* op 419 h-j van die Hofverslag. Op hierdie tydstip is dit nodig en belangrik om Artikel 35(5) van die Grondwet aan te haal. Sodoende sal die daaropvolgende bespreking meer verstaanbaar wees. Artikel 35(5) bepaal soos volg:

“Getuienis wat verkry is op ‘n wyse wat enige reg in die Handves van Regte skend, moet uitgesluit word indien die toelating van daardie getuienis die verhoor onbillik sou maak of andersins vir die regspleging nadelig sou wees.”

- (68) Die skrywers DT Zeffert, AP Paizes en A St-Q Skeen wat die Werk van Hoffman **“The South African Law of Evidence”** her-skrywe het, lewer die volgende kommentaar rakende die bostaande bepalings van Artikel 35(5):

“Section 35(5) of the Constitution - which was examined at length above - requires a court to exclude evidence obtained in a manner that violates any right in the Bill of Rights “if the admission of that evidence would render the trial unfair or otherwise detrimental to the administration of justice”. This provision has been interpreted in a manner that recognises and gives expression to both the disciplinary function of the courts and their role in both ensuring a fair trial and articulating what practices on the part of public and police officials are regarded as being beyond the pale. It is inconceivable that a confession induced by a practice which either impairs the fairness of the trial or which, even if it does not, is so abhorrent as to bring the administration of justice into disrepute, on the

ground that there is, nevertheless, no “fair risk of a false confession”.

Whether a court would reach such a result by relying directly on the provisions of section 35(5) of the Constitution or by finding the impugned practice to be an “undue influence” within the meaning of section 217, would not seem to matter much. Our Courts are, in any event, obliged under 39(2) of the Constitution to interpret legislation and to develop the common law in a manner that gives effect to the spirit, purport and objects of the Bill of Rights. But even before the enactment of the Constitution, our courts showed themselves, at times, to be receptive to the values now enshrined in the Bill of Rights. This dictum in *S v Lwane* by Holmes JA has a modern, constitutional ring to it:

The pragmatist may say that the guilty should be punished...The answer is that between the individual and the day of judicial reckoning there are interposed certain checks and balances in the interests of a fair trial and the due administration of justice....According to the high judicial traditions of this country it is not in the interests of society that an accused should be convicted unless he has had a fair trial”.

(69) Hierdie Hof stem saam met die voormelde uiteensetting.

Die benadering met betrekking tot die onbehoorlik verkreeë getuienis was ook in ***Key v Attorney-General, Cape of Good Hope Provincial Division and Another*** 1996 (4) SA 984 (CC); 1996 (1) BCLR 1 (CC) soos volg uiteengesit:

“What the Constitution demands is that the accused be given a fair trial. Ultimately, as was

held in Ferreira v Levin, fairness is an issue which has to be decided upon the facts of each case, and the trial judge is the person best placed to take that decision. At times, fairness might require that evidence unconstitutionally obtained be excluded. But there will also be times when fairness requires that evidence, albeit obtained unconstitutionally, nevertheless be admitted.

If the evidence to which the applicant objects is tendered in criminal proceedings against him, he will be entitled at that stage to raise objections to its admissibility. It will then be for the trial Judge to decide whether the circumstances are such that fairness requires the evidence to be excluded."

- (70) Mnr. Mohamed en Mej. Andrews namens hulle kliënte d.w.s. beskuldigdes een (1) en beskuldigde vyf (5) onderskeidelik, het beswaar geopper teen die toelaatbaarheid van **Bewysstuk "E", "G" en "F"** op verskeie gronde wat hierbo in die opsomming van die getuienis uiteengesit is. Die kernfeite in al drie (3) Bewysstukke is dat die vrederegters die teboekstellers is. Verklarings bevat in **Bewysstukke "E" en "G"** is deur die vrederegters afgeneem wat ook in dieselfde Vredenburg Polisiestasie gestationeer is. Superintendent Rooi is die Stasiebevelvoerder te Vredenburg en hy is die offisier wat beskuldigde 5 se verklaring afgeneem het. Hy gee toe in kruisondervraging dat voor die aflegging van **Bewysstuk "G"** deur beskuldigde 5 aan hom, was dit binne sy kennis gewees dat die moord waaroor in die verklaring gepraat word, in sy area in die naweek gepleeg was. Superintendent Rooi gaan so ver as om te verklaar dat reeds op 'n Maandag voor die afneem van die verklaring deur homself, hy deelname gehad

het in die bespreking rakende dieselfde moordsaak. Hy het ook toegegee dat as 'n stasiebevelvoerder is dit wel een van sy funksies dat misdrywe soos moord in sy area bekamp word. Die vraag wat die Hof sigself moet afvra, is hoe op aarde kan dit gesí word dat hierdie superintendent onpartydig was? Hy was nie. Ons is van oordeel dat hy net wou toesien dat die beskuldigde homself moet benadeel.

- (71) Daar kan geen versekering wees dat hy die regte van die beskuldigde verduidelik het nie. Dit is opvallend dat die Superintendent nie verder uitgebrei het nie toe beskuldigde 5 beweerdelik soos volg op die volgende vrae geantwoord het:

“V: Is u deur enige persoon op enige wyse beïnvloed of aangemoedig om ‘n verklaring af te lê?

Antw: Ek het met Inspekteur Kuilders gepraat oor die saak en die storie vertel ek het toe ingestem om ‘n verklaring te maak.

10 (i) Verwag u enige voordele indien u wel ‘n verklaring aflê?

Antw: Ja my ma vir kos en sigarette vra by die huis”

- (72) Dit is insiggewend dat Supt. Rooi vir die Hof vertel het dat hy nie kon wag tot die volgende dag want die beskuldigde sou die saak met die ander gevangene bespreek en sy houding verander. Hier was Superintendent Rooi op 'n visvang ekspedisie. gewees. Kaptein de Bruyn was ten tyde van die afneem van **Bewysstuk “G”** 'n lid van dieselfde speurtak van Vredenburg wat met die ondersoek van beskuldigde een (1) se saak besig was. Daar word gemeld dat sy destyd met taxi-geweld besig was, maar sy het 'n lid van die speurtak Vredenburg gebly. Die Hof verneem van Sersant de Kock dat

Kaptein de Bruyn ook met die arrestasie van die beskuldigdes in die onderhawige saak behulpzaam was. Een van die agt (8) beskuldigdes voor die Hof was deur Kaptein de Bruyn onder arrestasie geplaas. Kaptein de Bruyn was voltyd 'n lid van die SAP speurtak te Vredenburg. Sy het kantore in dieselfde gebou met ander speurders insluitende Sersant de Kock, die ondersoekbeampte in die onderhawige saak, gehad. Dat sy belang gehad het in die suksesvolle ondersoek van hierdie saak kan glad nie betwyfel word nie. Hoe kan ons dus beskuldigde 1 se bewering dat sy grondwetlike regte nie aan hom verduidelik was nie, verontagsaam? As 'n mens kyk na **Bewysstuk "G"**, vraag nommer 10 op bladsye 3 en 4 van die Bewysstuk self, is dit insiggewend dat Kaptein de Bruyn nie beskuldigde 1 se antwoorde deur middel van vrae ter opheldering, ondersoek het nie. Beskuldigde 1 word gevra of hy enige voordele verwag indien hy 'n verklaring aflê en sy antwoord, naamlik **"dien as strafversagting dit is al"** moes verder ondersoek geword het. Ten minste moes die beskuldigde direk gesê word dat dit verkeerd is om so 'n verklaring af te lê op die basis dat dit as strafversagting sou dien. Op bladsy 4 van **Bewysstuk "G"** word beskuldigde 1 soos volg gevra:

"(iii) Het hierdie verwagting enigiets bygedra tot u besluit om 'n verklaring af te lê?

Antw: Die verklaring dan kan dien as strafversagting."

- (73) Ons is van oordeel dat as **Bewysstuk "G"** deur 'n onafhanklike amptenaar soos die landdros afgeneem was, die landdros op hierdie punt alleenlik die afneem van die verklaring sou gestaak het. Ten minste sou hy vir beskuldigde een (1) gesê het dat hy verkeer onder 'n wanindruk. Kaptein de Bruyn was glad nie hieroor bekommerd nie. Polisie-offisiere is vrederegters ingevolge die Eerste Bylae by die Wet op

Vrederegters en Kommissaris van Ede (Wet Nr. 16 van 1963). Die gevolg is dat hulle dieselfde rol vervul as landdroste. Dit is altyd hoogs wenslik dat die bekentenisse liewers voor 'n landdros afgelê word. Sodoende word die maklike en partykeer verstaanbare bewering aan die kant van 'n beskuldigde dat hy die hoë polisiebeampte as bloot 'n deel van die masjien wat dwang op hom uitgeoefen het om te beken, beskou het, uitgesluit. Die feit is dat 'n beskuldigde wat werklik onder dwang geplaas is of wat onbehoorlik beïnvloed is om te beken, sal ongetwyfeld waarskynlik voor 'n landdros meer vertrouwe sal hê om daarmee vorendag te kom as voor 'n polisiebeampte. (Sien **S v Mofokeng** 1968 (4) SA 852 (W). In sake soos **S v Mofokeng** *supra*; **S v Dlamini** 1971 (1) SA 807 (A) en **S v Mdluli** 1972 (2) SA 839 (A) word dit baie duidelik gestel dat indien die verklaring wel voor 'n vrederegtter wat ook 'n polisieman is bevestig word, behoort daarna gestreef te word om liewers 'n polisiebeampte wat nie aan dieselfde afdeling behoort en wie se kantoor nie in dieselfde gebou geleë is as die afdeling wat die misdaad ondersoek, te vind. In **S v Mbele** 1981(2) SA 738 (A) op 743 word verwys na **“die volharding in en veronagsaming deur die polisie, ondanks die herhaalde afkeuring daarvan deur hierdie en ander Howe, van die ongewenste praktyk dat 'n offisier verbonde aan die ondersoekseenheid optree (Vergelyk S v Mdluli 1972 (2) SA 839 (A) op 840 H-841 C); die gebruikmaking van 'n tolk betrokke in die ondersoek en verbonde aan sodanige eenheid (Vergelyk.....)”**.

- (74) Ons is daarvan bewus dat die feit dat die bekentenis deur so 'n polisie-beampte geneem is, is maar een van die faktore is wat saam met al die ander beskikbare inligting gebruik word om te beoordeel of die bekentenis toegelaat behoort te word.

Ons weet almal dat dit in die algemeen die praktyk is om 'n reeks voorafgaande vrae aan 'n beskuldigde te stel en dat die doel daarvan is om die vrywilligheid te toets. Dit is egter so dat die vorm nie die alfa en die omega van die toets is nie. (Sien bladsy 575 van Hiemstra se **Suid-Afrikaanse Strafproses**) Daar is talle beslissings tot die effek dat die landdros wat 'n bekentenis neem die vrae met sorg moet stel en dat hy nie 'n blote opskrywer moet wees nie. Volle verduidelikings moet aan die beskuldigde omtrent wat aan die gang is, gegee word anders sal dit nutteloos wees. Wat gesê word oor die landdros word ook van die vrederegter verwag. Dit is noodsaaklik om hierdie bespreking af te sluit deur die volgende aanhaling van Schmidt **Bewysreg bladsy 379**:

“Self-inkriminerende getuienis afkomstig van die beskuldigde, en verkry in stryd met handves-regte, sal waarskynlik geredeliker lei tot 'n bevinding dat die toelating van die getuienis die verhoor onbillik sou stem as die opsporing (in stryd met die beskuldigde se handves-regte) van getuienis van reële aard, waar die getuienis bestaan het nieteenstaande die inbreuk op die beskuldigde se handves-regte (Vgl die Kanadese beslissing van *R v Collins* 28 CRR 122 137).”

(75) Ons is van oordeel dat dit onveilig sou wees om te aanvaar dat **Bewysstukke “E” en “G”** met inagneming van die beskuldigdes se Grondwetlike regte afgeneem is. Daar is onsekerheid of beskuldigdes 1 en 5 behoorlik van hulle regte ingelig was. Derhalwe het ons tot die slotsom gekom dat **Bewysstukke “E” en “G”** ontoelaatbaar verklaar moet word en dus uitgesluit behoort te word.

(76) Wanneer daar gehandel word met die kwessie van uitwysing

en/of aanwysing, kom die bepalings van Artikel 218(1) en (2) van die Strafproseswet ter sprake. Die bepalings is reeds so bekend in strafregtelike verrigtinge dat dit onnodig is om hulle vir doeleindes van hierdie uitspraak uiteen te sit. Dit is ook nie nodig om die geskiedenis rondom die bepalings van Artikel 218 te noem nie. In **S v Melani and Others** 1996(2) BCLR 174 (OK) ook gerapporteer as 1996(1) SASV 335 (OK) is dit onder andere beslis dat die beskuldigdes, veral ongesofistikeerde beskuldigdes, daarop attent gemaak moet word dat daar geen verpligting is om uitwysings te doen nie en ook meegedeel word dat sodanige uitwysings as getuienis teen hulle gebruik kan word. Die posisie blyk te wees dat indien daar nie 'n afstanddoening van regte met volle kennis van daardie regte deur die beskuldigde was nie, is sodanige uitwysings en erkennings wat daaruit voorspruit, ontoelaatbaar. (Sien **S v Gasa and Others** 1998(1) SASV 446 (D)). Dit bly 'n feitevraag of aanwysings vrylik gedoen is en die verhoorhof moet daardie vraag bepaal (Sien **S v Abbott** 1999(1) SASV 489 (HHA) op 496e-497a). In **S v Makalitsa** 1993 (1) SASV 408(O) word dit ook gemeld wat reeds geykte reg geword het, naamlik dat 'n uitwysing niks anders is nie as 'n buitegeregtelike erkenning deur gedrag en dat dit toelaatbaar is indien dit ongedwonge gedoen is. Beskuldigde een (1) was nie gedwing om te gaan uitwys nie. Sy bewering wat deur die Staat betwis word, dat die ondersoekbeampte hom daar by die hofselle kom besoek het en hom aanbeveel het om te gaan uitwys, het geen waarde nie. Dit is gemene saak dat toe Kaptein Fryer met beskuldigde een (1) te doen gehad het, was Sersant de Kock nárens te vinde nie. Hy kon met gemak vir Kaptein Fryer gesê het dat hy gedwing word. Die Kaptein het nie van Vredenburg gekom nie. Ons bevind derhalwe dat beskuldigde een (1) doelbewus afstand van sy regte gedoen het.

- (77) Kaptein Fryer, die beampte wat die uitwysing hanteer het, is nie op Vredenburg gestasioneer nie. Hy is die bevelvoerder van Saldanhabaai. Na ons oordeel was Kaptein Fryer 'n onafhanklike buitestaander gewees. Ons aanvaar dat hy die regte van beskuldigde 1 aan hom verduidelik het. Dit is wel so dat **Bewysstuk "F"** nie deur beskuldigde een (1) geparafeer is nie. Beskuldigde 1 se handtekening verskyn nrens op **Bewysstuk "F"** nie. Toe Kaptein Fryer hieroor gekonfronteer was, het hy verduidelik dat die vorm self nie voorsiening maak vir die beskuldigde se handtekening nie. Dit mag so wees, maar om seker te wees dat die vrae en verduideliking wat in **Bewysstuk "F"** vervat word met die beskuldigde behandel was en dat die antwoorde wat daar verskyn syne is, is dit noodsaaklik dat die beskuldigde **Bewysstuk "F"** moes geteken het. Ons is egter van oordeel dat hierdie nalate aan die kant van Kaptein Fryer nie so ernstig is dat dit die geldigheid van die uitwysing nadelig moet affekteer nie. Dit, na ons mening, kom neer op 'n *bona fide* fout. Dit is as gevolg van bostaande siening dat **Bewysstuk "F"** as toelaatbaar verklaar was. **Bewysstuk "F"** word finaal toegelaat.

AANSOEK OM ONTSLAG INGEVOLGE BEPALINGS VAN ARTIKEL 174 VAN STRAFPROSESWET 51 VAN 1977

- (78) Artikel 174 van die strafproseswet lees soos volg:

“Indien die hof, by afsluiting van die saak vir die vervolging by 'n verhoor, van oordeel is dat daar geen getuienis is dat die beskuldigde die bedoelde misdryf of 'n misdryf waaraan hy op die aanklag skuldig bevind kan word, gepleeg het nie, kan hy 'n uitspraak van onskuldig lewer.” Die eerste vraag wat die Hof normaalweg sigself moet afvra, is of daar getuienis gelewer is op grond

waarvan 'n redelike man sou kan skuldig bevind ("a reasonable man might convict") Sien sake soos **S v Heller** 1964 (1) SA 524 (W) op 541G; **R v Herholdt** 1956 (2) SA 722 (W); **S v Bouwer** 1964 (3) SA 800 (O). Daar is wel eenstemmigheid oor die bekentenis van die woorde "geen getuienis". Almal is dit eens die woorde "beteken natuurlik geen getuienis waarop 'n redelike mens die beskuldigde skuldig sou kon bevind nie." (Sien in hierdie verband **S v Khanyapa** 1979 (1) SA 824 (A) op 838 F).

- (79) Vandag as gevolg van die Grondwetlike bedeling moet die Hof ook aandag aan Artikel 35 van die Grondwet skenk. Dit gaan ook oor die kwessie van 'n billike verhoor. Hier het ons in gedagte paragrawe (h) en (j) van die genoemde Artikel 35. Hierdie paragrawe bevat die vermoede van onskuld, die swygereg en die vrywaring teen self-inkrimineering. Weereens kom die bepalinge van Artikel 39 (2) van die Grondwet na vore, naamlik *"elke hof" by die uitleg van enige wetgewing..... moet die gees, strekking en oogmerke van die Handves van Regte bevorder.*" Die punt is dat die Staat eers sy saak moet bewys voordat daar van die beskuldigde verwag kan word om 'n verweer aan te bied.
- (80) Ek is van oordeel dat 'n Hof die beskuldigde moet ontslaan waar daar by die afsluiting van die Staatsaak geen getuienis is waarop skuldig bevind kan word nie. Sake soos **S v Mathebula and Another** 1997 (1) SASV 10 (W) waar dit onder andere bevind was dat die beskuldigde se regte wesenlik uitgebrei is deur die Grondwet en dat die verhoor onbillik sou wees as ontslag nie aan die einde van die Staatsaak verleen word nie waar daar geen getuienis is wat die beskuldigde impliseer nie, moet altyd in gedagte gehou word.

- (81) Ontslag mag nie geweier word op die basis dat die beskuldigde se getuienis die Staatsaak sal aanvul nie. (Sien **S v Jama and Another** 1998 (4) BCLR 485 (N). Hierdie Hof is dit in eens met Nugent AR in sy siening in **S v Lubaxa** 2001 (4) SA 1251 (HHA) op 1256 paragraaf (18) wat soos volg uitgespreek is:

“(18)I have no doubt that an accused person (whether or not he is represented) is entitled to be discharged at the close of the State case for the prosecution if there is no reasonable possibility of a conviction other than if he enters the witness-box and incriminates himself. The failure to discharge an accused in those circumstances, if necessary mero motu, is, in my view, a breach of the rights that are guaranteed by the Constitution and will ordinarily vitiate a conviction based exclusively upon his self-incriminatory evidence.”

- (82) Hiemstra – **Suid-Afrikaanse Strafproses** (6de uitgawe) herskrywe deur Kriegler en Kruger handel oor Artikel 174 en op bladsy 452 verskyn die volgende belangrike samevatting, naamlik:

“Dit skep ‘n uitsondering op die normale verhoorprosedure, primêre om ‘n verhoorhof te verlos van die verpligting om meganisties te volhard met ‘n futiele verhoor waar dit duidelik is dat daar tog nie ‘n skuldigbevinding kan wees nie. Die onderliggende doel is om tyd en moeite te bespaar, nie om die hof se taak te bemoeilik nie. Die bewoording van die artikel is eenvoudig en die betekenis ondubbelsinnig. Die hof word bekleed met die bevoegdheid om by die afsluiting

van die saak vir die vervolging daar en dan 'n uitspraak van onskuldig te lewer. Daar is egter 'n jurisdiksionele voorvereiste tot die bevoegdheid om aldus te ontslaan. Dit is naamlik dat die hof van oordeel moet wees dat daar geen getuienis is waarop 'n skuldigbevinding redelikerwys ingebring kan word nie. Daar is dus twee weliswaar verwante maar nietemin onderskeibare besluite wat geneem moet word:

- i) bestaan die gebrek aan getuienis en, indien wel,
- ii) behoort ontslag gelas te word?

Eersgenoemde behels hoofsaaklik 'n kliniese opweging van die bewyswaarde van die getuienis; laasgenoemde verg 'n gesonde oordeel in die lig van al die omstandighede van die besondere saak. Na luid van die artikel is daar geen verpligting om te ontslaan nie maar 'n bevoegdheid: die hof “kan” ontslaan, nie “moet” ontslaan nie. Ook na luid van die artikel, word daar geen kwalifikasies of kriteria aan die uitoefening van die bevoegdheid gekoppel nie. Op algemene beginsel moet die hof dus regterlik, met gesonde oordeel en in belang van geregtigheid optree.....Om dieselfde rede is dit onwys om te veel klem te lê op wat regter A in saak A te sê gehad het oor die faktore en/of maatstawwe wat in daardie saak voorrang moes kry. Dit is en bly 'n feitegebonde oordeel waarby die hele spektrum omstandighede 'n rol speel, sommige of talle waarvan moontlik nie in die uitspraak genoem word nie.”

- (83) Bostaande is die beknopte grondslag bevattende regsbeginsele wat van toepassing is in aansoeke om ontslag ingevolge die bepalinge van Artikel 174 van die

Strafproseswet. Ons kyk nou hieronder na watter getuienis in hierdie saak gelewer is. Ons moet sodanige getuienis oorweeg om te bepaal of dit getuienis is van sodanige waarde en gehalte dat dit geag moet word getuienis te wees op grond waarvan hierdie Hof 'n skuldigbevinding sou kon maak as die beskuldigdes versuim om in hulle verdediging te getuig. Die opsomming van die getuienis wat in hierdie saak gelewer is, is hierbo uiteengesit. Dit blyk uit die beswaar wat die Staat teen die aansoek om ontslag geopper het, dat die Staat op Mnr. Ashwill Roderick Jacobs se getuienis steun. Die enigste belangrike gedeelte van Mnr. Jacobs se getuienis blyk te wees dat toe hy op die hoek was, het hy omgekyk en gesien dat die beskuldigdes 'n kring om die man maak. Hy gee toe dat daar 'n groot afstand was tussen homself en die beskuldigdes. Gevolglik kon hy niks sien wat daar aan die gang was nie. Dit is gemene saak dat Mnr. Jacobs telkemaal toegegee het dat waar die kring gevorm was, was dit donker gewees. Mnr. Jacobs het die getuig dat hy nie sal kan stry as die beskuldigdes sou aanvoer dat hulle nie deel van die kring was nie. Sy getuienis alleenstaande sluit nie die moontlikheid uit dat ander mense, anders as die beskuldigdes, die kring gevorm het nie. Mnr. Jacobs het alles wat hy in hoof gesê het teruggetrek. Hy het 'n swak indruk geskep. Hy het gemompel soos hy getuig het en is herhaaldelik aangesê om duideliker en hard te praat want 'n mens kon glad nie hom behoorlik hoor nie. Die indruk word reeds gedurende Mnr. Jacobs se getuienis in hoof verkry dat hy homself so vlr moontlik vanaf die beskuldigdes wou plaas. Die Hof behoort nie diepgaande met die geloofwaardigheid van die getuies op hierdie stadium te handel nie, maar bostaande opmerking ten opsigte van Mnr. Jacobs blyk onvermydelik te wees.

(84) Die Staat het ook op beskuldigde 8 se uitlating ten tye van die

borgverrigtinge gesteun. Die borgverrigtinge vorm nie meer bewysmateriaal voor hierdie Hof nie. Toe die Staat teen ontslag betoog het, was die borgverrigtinge deel van die bewysmateriaal voor die Hof aangesien dit destyd voorlopig toegelaat was. Al sou die borgverrigtinge finaal toegelaat word, na ons oordeel, sou dit geen verskil gemaak het nie. Al wat daar voorkom, is die uitlating van beskuldigde 8 wat op self- verdediging neerkom. Die ander beskuldigdes, d.w.s beskuldigdes 1 en 5 het niks inkriminerend tydens die borgeansoek gesê nie.

- (85) Die derde been waarop die Staat steun, is die uitwysing deur beskuldigde een (1) aan Kaptein Fryer. Dit is gemene saak dat beskuldigde een (1) 'n okapi mes gaan uitwys het. Hy het ook 'n swart vullissakkie uitgewys waarin 'n mat-mes gevind is. Wat die Hof dronk slaan is dat die Staat geen deskundige getuienis wat hierdie twee (2) messe met die pleging van die misdaad koppel, aangebied het nie. As daar byvoorbeeld, getuienis was dat die bloedspatsels op die messe verkry, dié van die oorledene is, dan sou dit natuurlik belangrik wees dat beskuldigde een (1) moet kom verduidelik hoe dit is dat die messe wat hy uitgewys het, die bloed van die oorledene op het. Hierdie Hof gaan geen waarde heg aan die mededelings tussen beskuldigde een (1) en Kaptein Fryer nie. In ieder geval, dit opsigself is heeltemal onvoldoende getuienis. Alleenstaande kan dit nie getuienis wees op grond waarvan hierdie Hof enige skuldigbevinding navore sou bring nie.
- (86) Ons is ten volle bewus van die erkennings deur al agt (8) beskuldigdes wat ingevolge die bepalinge van Artikel 220 van die Strafproseswet genotuleer is. Dié is ingehandig en bestempel as **Bewysstukke "A", "K1-K7"**. Hierdie is geen getuienis wat beskuldigdes se skuld bewys nie. Dit hou

verband met die regsgeneeskundige lykskouing van die liggaam van die oorledene, die verwydering daarvan vanaf die toneel tot die hou van die lykskouing asook die foto's wat op 13 Junie 2004 en 17 Junie 2004 onderskeidelik, deur Inspekteur Cowan geneem is. Dit is die sogenaamde formele kettinggetuienis. Al wat deur die formele getuienis aangedui word, is dat die oorledene dood is as gevolg van bloedverlies. Daar is geen getuienis wat daarop dui dat dit hierdie beskuldigdes is wat die oorledene se dood veroorsaak het nie. Daar is egter suspisie dat hulle betrokke mag wees. Ons Howe werk met getuienis wat skuld bewys. Ons Howe werk nie met suspisie nie. Ons kom tot die slotsom dat daar wel geen getuienis is wat hierdie Hof se skuldigbevinding sou regverdig, sou die beskuldigdes versuim om in hulle verdediging te kom getuig nie. Indien ons kyk na die totalitiet van die gelewerde getuienis, kom ons tot die slotsom dat daar geen getuienis is op grond waarvan 'n skuldigbevinding navore gebring kan word, sou die beskuldigdes op hierdie stadium swyg nie.

- (87) Wat die ondersoek van die saak aanbetref, dien gemeld te word dat die verklarings van die onderskeie beskuldigdes met onnodige haas bekom is, waarna dit blyk dat die ondersoek van die saak ook met onnodige haas geskied het. Die spreekwoord 'VAN HAASTIGHEID KOM LASTIGHEID' blyk hier van pas te wees. Hierdie saak kon beter ondersoek geword het. Die indruk wat navore kom, is onvermydelik, naamlik dat die saak uiters swak ondersoek was. Met betrekking tot die verklarings wat aan vrederegters afgelê word, spreek hierdie Hof 'n mening uit dat die tyd aangebreek het om die wysiging van Artikel 217(1) (a) by Artikel 11 van wet 86 van 1996 (wat na ons wete nog nie inwerking is nie) in werking gestel moet word. Veral in ons Grondwetlike bedeling waar die handves van regte so 'n groot rol speel, moet, na hierdie Hof se

mening, slegs landdroste met die verklarings wat op bekentenisse neerkom, bemoei word.

Die aansoek ingevolge die bepalings van Artikel 174 van die Strafproseswet word toegestaan. Al agt (8) beskuldigdes word op hierdie stadium ontslaan.

DLODLO, R